

Die nag van die hiëna...

(Moordriller)



NAGTEGAAL INSKRYWING

Aug 2009 vir 2010

deur

Nico Luwes

Сексом будет корень зла!"

Нико Лювес (ЮАР)

Stel

Verskillende ruimtes aangedui deur beligting en hoofsaaklik klank en indien nodig projeksies. Gestileerd met enkele meubels. Dr. Gert se ondersoekkamer, prokureur Swannie se kantoor en inspekteur Bantjies se polisiekantoor kan bv. van dieselfde lessenaar gebruik maak in dieselfde ruimte met net rekwesiete wat die verskillend lokale impliseer. Spelers kan mimiek om bv. fiktiewe deure oop te maak indien nodig of bloot opkom en afgaan in ruimtes met klank wat bv. kloppe aan deure, deurklokkies en aankoms van motors ens aandui.

Karakters:

Leon Rossouw (45 Besigheidsman en boer – genadeloos en knorrig)

Hendrik Rossouw 45 (Sy identiese tweelingbroer - tans groentesmous in Botswana na 'n 'ongeluk' tydens in rooftog twee jaar tevore. Nie baie slim nie – bietjie skade opgetel)

Lalien Rossouw (28, Leon se tweede vrou – warm)

Dr. Gert Breytenbach (32, 'n Mediese dokter en minnaar van Lalien)

Joyce de Lange (40, Dr. Gert se oujongnoui ontvangsdame)

Ricky Stander (32 Goth vroulike mediese verteenwoordiger en studentemaat van Dr. Gert)

Inspekteur Bantjies (44 Polisieman)

Swannie Swanepoel (60 Prokureur en eiendomsagent)

Vroulike Interkomstem op band (Verskyn nie).

TONEEL 1

(SOETSAPPIGE WAGKAMERMUSIEK – PANFLUIT - SPEEL OP AGTERGROND. LIG OP IN DR. GERT SE ONTVANGSKAMER. JOYCE TIK OP REKENAAR EN STOP AS DING-DONG LUI. DAAR IS 'N TELEFOON OP TAFEL)

RICKY (VRIENDELIK IN): More Joyce. Dok Gertjie hier?

JOYCE (VERNAAM EN SUUR): Mej. Stander. Alweer jy? Het u 'n afspraak vanoggend? My boek sê u kom eers na vier as Doktor toemaak.

RICKY: Nee wat. Ek moet nog Pretoria toe – Gister pille gesmous tot by Messina en nou op pad terug. Toe dag ek ek kom loer gou in. Lyk nie of die pasiënte tou staan hier voor nie. Hy kan my sommer nou sien.

JOYCE: Dokter Breytenbach wil nie mediese reps sien binne werksure nie. Dis sy beleid.

RICKY: Ag Joyce! Sommer Ricky vir jou! Wat se Mej. Stander is dit nou met jou?

JOYCE (STRENG): Ek moet Dr. Breytenbach se opdragte uitvoer! Ek dink nie hy wil jou sien nie. Elke keer as jy hier was is hy vir twee dae knorrig.

RICKY (MET "N VREEMDE LAGGIE): Ag Joyce... He's got no choice! Ons was pelle op Varsity! Waar's Gertjie? In sy spreekkamer?

JOYCE (VIES): Agter in die lab. Besig met sy nuwe beesmedisynemengsel

RICKY (IETWAT GEAMUSEERD): Beesmedisynemengsel?

JOYCE (TROTS): Ja hy gaan 'n deurbraak daarmee maak vir bosluisbestryding.

RICKY: Fantasties! Lyk nie of hy oorval word met siek pasiënte nie.

JOYCE (TROTS): Sy praktyk groei nog! As daai beesdip 'n sukses is koop hy hierdie gebou by daai inhalige ou Leon Rossouw. Jy sal nog sien!

RICKY: Wonderlike nuus. Ek gaan sê gou hallo. (OP PAD UIT) Cheerio! (RICKY UIT)

JOYCE (BY HAARSELF): Klein vlermuis!

LIG KRUISDOOF NA LAB

TONEEL 2

(LIG IN OP DR. GERT BESIG MET PROEFBUISE IN LAB. HY IS BESIG MET 'N CHEMIESE MENGERY)

RICKY (IN): Yes Dok!

DR. GERT (LAAT VAL IETS): Shit!

RICKY: Ontspan dis ek... Ricky.

DR. GERT (GATVOL): Wat maak jy hier? In werkstyd?

RICKY: Op pad deur Pret toe van Messina af.

DR. GERT : Ek's nog nie klaar nie. Ek het jou eers vieruur verwag.

RICKY: Ag Komaan Dokkie. Jy kan dit vinnig doen.

DR GERT: Jy verstaan nie, Ricky. Dis presisiewerk.

RICKY: Gee my die resep en die 'goodies' en ek maak dit self!

DR. GERT (GESKOK): Is jy nou heeltemal van jou trollie af! Dis lewensgevaarlik!

RICKY (SLU): Dis lewensgevaarlik vir jou, Dok Gertjie. Daai gifgat van 'n ontvangsdame van jou kyk my al snaaks aan as ek elke tweede naweek moet kom haal. As jy wil hê ek moet minder kom, gee meer!

DR.GERT: Daar's nie 'n manier nie!

RICKY: Jy't maak soos ek sê... As iemand weet wat...

DR. GERT (ONTSTELD): Dreig jy my, Ricky...

RICKY: As jy dit so wil sien... Jy "supply" my nou al van Varsity af. Wie't vir jou mediese studies betaal, Dr. Gert Breytenbach?

DR. GERT (VERSLAE): As ek toe geweet het...

RICKY: Aag komaan! Ek betaal meer as die helfte van jou huur in hierdie krot van 'n spreekkamer. Ek ou Dokkie, ek! En ek vra nie baie nie. Net elke twee weke die stuff wat ek kan spread. Ek betaal jou goed! Ek vra net meer "stuff". Gee.

DR. GERT: Vergeet dit!

RICKY: Ag, jy's so diep in die long- drop jy sien nie eers die maan opkom nie .. As iemand weet wat...

DR. GERT (ONTSTELD): Dreig jy my, Ricky...

RICKY: As jy dit so wil sien... Ja. Laat ons mekaar mooi verstaan. Jy supply my nou al van Varsity af. Wie't vir jou mediese studies betaal, Dr. Gert Breytenbach!

DR. GERT (VERSLAE): As ek toe geweet het...

RICKY: Luister mooi, Dokkie... En ek soek meer op 'n slag. Ek is moeg heen en weer gekarring.

DR. GERT: Jy speel met vuur!

RICKY (ONGEDULDIG): Ag sjarrap net en gee my die "stuff" (SY ZIP HAAR HANDSAK OP EN GOOI "N PAK NOTE OP DIE TAFEL) Hier's jou geld... Sê dankie, Dokkie. 'n Mens sê dankie...

DR. GERT: Dis die laaste keer, Ricky. My praktyk tel op. Ek soek nie meer jou geld nie. As jy hier uit is sal ek sorg dat hier nie 'n skraapsel van enige getuienis in hierdie plek oorbly nie. Waag jy dit om weer jou voete hier te sit drop ek jou by Narkotika dat jy nie eers die son sal sien opkom nie.

RICKY (SARKSTIES): Dis nou "pals", nê. Dis nou "pals!"

DR. GERT: Zip toe daai sak!

RICKY (OP PAD UIT): Bye Gertjie! Lekker ge"chat"!

DR. GERT: Shit!

(LIG DOOF UIT)

TONEEL 3

(AAND BUIE. KRIEKE WORD GEHOOR. MOTORKLANK KOM NADER EN HOU STIL. ROMANTIESE MUSIEK SPEEL IN MOTOR EN. BINNELIG IN OP GESTILEERDE MOTORSITPLEK EN OP GERT EN LALIEN)

DR. GERT (SENUWEEAGTIG): Is jy doodseker dis veilig, Lalien?

LALIEN (LAG VERLEIDELIK): Ontspan Dokter!!! Natuurlik! Dink jy ek sal waag met hom op die dorp? Hy sal oorslaap in Pretoria.

DR. GERT: Miskien kom hy vroeg terug.

LALIEN: Vergeet hom. Sjoel! Dis nogal warm hier teen die rivier. (SY TREK BAADJIE UIT) Dis beter... Help my...

DR. GERT: Miskien nie... Ek dink nie dis veilig hier nie, Lalien.

LALIEN: Ontspan net! Oor die naweek is ek by die plekkie in Mosambiek en dan kan jy 'n aand of wat wegglip soontoe! Wat van Vrydagaand?

DR. GERT. En sê nou hy ry oor Mosambiek toe. Jy weet daar's geen selfoon ontvangs nie. Hy kan jou verras...

LALIEN: Nooit! Hy haat seekos en daai plek. "Malarianes" sê hy altyd en "Ek soek my beesvleis!" Hy sal maar te bly wees om my onder sy voete uit te kry vir 'n week...

DR. GERT: Ek sê jou dis gevaarlik!

LALIEN (LAG WEER VERLEIDELIK): Jy kan soms so oorversigtig wees, my Dokkie. In jou spreekkamer vat jy behoorlik kans!

DR. GERT: Ja, maar daar kan jy my amptelik kom sien! En ou Joye weet sy mag nie my ondersoek onderbreek nie.

LALIEN: Komaan... (HULLE SOEN) MMM Ek wag al 'n week hiervoor...

DR. GERT: Ek sweer ek hoor 'n kar... Sê nou hy besluit om vanaand terug te kom en jy's nie by...

LALIEN (ONGEDULDIG): Ai tog, Dok Gert! Ons sal mos ligte sien op die grootpad. Wag ek bel hom. Sit af die CD. Hy sal weet dis jou soort musiek.

(RADIO AF LALIEN SKAKEL OP SELFOON)

LEON (STEM OP FOON. HY IS 'N KNORRIGE MAN): Hallo, Leon Rossouw...

LALIEN: (SOETSAPPIG EN STUUR HOM OP): Hallo Leon Rossouw dis jou vrou! Hoe gaan dit in Pretoria? Skat... Ek verlang al na jou...

LEON (IETWAT ONGEDULDIG): Jong, die spul hier het aangekarring met die vergadering tot na agt en nou wil die Voorsitter nog 'n dop ook met die manne gaan maak. Ek is in die hotelkamer en stort net gou...

LALIEN (SUIKERSOET): Dan kom jy huis toe...?

LEON: Nee ek sê mos... Ek sal seker 'n dop saam met die ou man gaan vat en 'n lekker blou bul steack gaan eet. Ek sal more vroeg ry. Ek wil nie dit waag om met 'n asem die driehonderd kilo's huis toe aan te karring nie. Jy weet hoe vang hulle op die Polekwanepad.

LALIEN: Miskien beter so skat... Sien jou dan more... Verlang...

LEON: Okay... Bye!

LALIEN (FOON AF): Sien jy nou Dokkie... Verniet ge"stress" Maar daarvoor het ek raad. Sit aan daai CD....

(ROMANTIESE MUSIEK OP EN SY WIL HOM SOEN)

DR. GERT: Ek kan nie wag vir die naweek nie. Is jy seker hy sal plaas toe vir die naweek?

LALIEN: Natuurlik! Vergeet hom nou.

(VÊR KLINK DIT OF DAAR 'N VOERTUIG AANKOM. LALIEN SE SELFOON LUI)

LALIEN: Sit af die CD! Dis hy! Hy bel terug!

(MUSIEK VINNIG AF EN MOTOR WORD VÊR GEHOOR)

LALIEN: Hallo? Hallo! O dis jy? Hoekom soek jy my? Ja ek is by die huis... Op die nuus? Nee ek kan nie nou kyk nie.... Ek is in die bad... Ja. Hoor hier ek bel jou later...

(MOTOR WORD NADER GEHOOR EN KARLIGE BEGIN VERHOOG DOF BELIG AGTER)

DR. GERT (FLUISTER BEANGS): Druk dood, Lalien!

LALIEN: Tata! (SY DRUK SELFOON HAASTIG DOOD) Wat's dit?

DR. GERT: Hoor jy dit?

LALIEN (VERSKRIK): Ja Dis 'n kar of iets!. Ry net.... Moenie die ligte aansit nie. Ry! Ek moet so gou as moontlik by die TV uitkom. Ry net!

(VINNIGE VERDONKERING. GERT SE MOTORKLANK AAN EN HULLE VERTREK STADIG. DIE ANDER MOTOR LUIER NOG OP AFSTAND EN WORD AFGESIT. SLEGS KRIEKE HOORBAAR VIR 'N PAAR SEKONDES)

TONEEL 4

(SWANNIE SWANEPOEL, DIE PROKUREUR WERK AGTER SY LESSENAAR IN KANTOOR. NOG 'N STOEL OF WAT)

VROULIKE INTERKOMSTEM: Mr. Swanepoel, Mr. Leon Rossouw is hier vir sy afspraak.

SWANNIE: (Formeel) Dis reg... laat hy deurkom.

(LEON ROSSOUW KOM IN LIGPOEL VAN KANTOOR AREA)

SWANNIE (OP EN GROET): More, Leon. Sit.

LEON: (NADER, GROET EN SIT) More, Swannie

SWANNIE: Wat's fout? Waarmee help ons?

LEON: Hoe lank is jy al my prokureur, Swannie?

SWANNIE: Sjoe? Seker tien - elf jaar?

LEON: Dis reg. Jy't altyd by my gestaan... Ook in die tyd my broer se ongeluk en die dinge daarna

SWANNIE: Ja... Dit was amper 'n lelike gatslag. Hoe gaan dit nog met die Hendrik? Het jy darem nog kontak met hom? Julle was mos altyd baie naby aan mekaar.

LEON: Baie naby, Swannie. Ek meen tweelingbroers... Dis maar so...

SWANNIE: Gelukkig het hy darem nie veel skade opgedoen nie

LEON: Nee net bietjie stadig geraak...

SWANNIE: Ou Maat, toe ek julle die eerste keer bymekaar sien dog ek ek het dubbelvisie! Identies soos nog nooit tevore gesien nie!

LEON: Ja ons is nogal - baie identies. Dis juis oor hom wat ek wil praat.

SWANNIE: Is hy nog in Botswana?

LEON: Ja. Smous nog al die pad groente en los goed. Maar dit gaan maar swaar daar. Ek gee hom maar so nou en dan 'n paar rand as hy diekant die grens kom voorraad koop. Ek is bekommerd oor hom. En dan betaal ek maar so nou en dan 'n paar randjies oor. Ag nie veel nie. Sy banknommer is op my bankstate. My vrou kyk maar dat ek nie te rojaal met ons geldjies vir hom aangaan nie. Hoe hy dit gaan maak vorentoe? Sjoe? Finansiële jy weet... as ek nie meer daar is nie?

SWANNIE: Nou hoe praat jy dan nou, Leon? Jy's maar vyf-en-veertig!

LEON: Is so... Maar Dr. Gert het met daai "check-up" vir die versekering laas een of ander ritme-ding by my hart opgetel. 'n Ou is maar bekommerd.

SWANNIE: Ag, daai ou Rautenbachie is sommer nog 'n tiffie doktortjie, man. Gaan Pretoria toe laat hulle jou ordentlik ondersoek

LEON: Sal so maak Swannie, maar ek wil tog weer kyk na my testament.

SWANNIE: As jy so sê. Lalien erf op die oomblik alles, as ek reg onthou?

LEON: Ja dis reg... Maar ek wil maar kyk na my ou broer ook jong...

SWANNIE (OP INTERKOM): Mevrou. Bring asb. vir my Rossouw se lêer...

LEON: Dankie vir die moeite, ou maat.

SWANNIE (LIGHARTIG): Dis nie moeite nie! Ek is jou eksekuteur. As jy nou regtig die emmer gou skop sal ek darem my eksekuteurskommisie handig kan gebruik! Dis darem 'n hengse lewenspolis wat jy gekoop het! Magtag! Tien Miljoen! Sewe miljoen beskerming op uitstaande bankverbande op vaste eiendom? En dan nog twee miljoen versekering gesedeer aan die bank op 'n ander besigheidsbeskermingspolis sou jy iets oorkom? Hoe bekostig jy dit?

LEON: Dit klink na baie ou Swannie, maar onthou dis darem die uitbetalingswaardes waarvan jy praat. Darem nie die premies nie!

SWANNIE: Sjoe! Dis darem baie, ou maat.

LEON: Dit is baie, maar nou verstaan jy dat ek darem so vir Lalien en my ou broer, Hendrik kan voorsiening maak. En ek het darem die geboue wat 'n paar sent inbring vir die premies. Maar ek skuld maar swaar by die bank op daai geboue, ou maat. Dis hoekom en so swaar verseker. Kom ek iets oor dek die besigheidspolis my bankskuld! Hoe dink jy kry ek daai massiewe lenings sonder polis sekuriteit? Hulle druk vir jou hoor! En dis net tydelik. Die ekonomie sal weer swaai...

SWANNIE: En dan's Ou Leon Rossouw weer die rykste man in die kontrei! Nou ja, Leon. Hoe wil jy jou testament bemaak....

LIG DOOF UIT

TONEEL 5

(LIG OP IN ONTVANGSAREA BY SPREEKAMER SOOS IN TONEEL 1. JOYCE TIK OP REKENAAR EN TELFOON LUI. SY TEL OP)

JOYCE (PROFESSIONEEL): Dr. Gert Breytenbach se kamers. Joyce wat praat... Jy hy's in... Is dit ernstig? Ek maak so. Hoe lyk sewe-uur moreoggend? Hy's moet kliniek toe vandag. Nee doktor sal tyd maak vir u.. Ons druk u in voor agt. Goed... Totsiens, Mnr Rossouw.

(LIG DOOF)

TONEEL 6

(DAG IN VELD OP PLAAS LANGS RIVIER OP GRENS. BOSVELDVOËLS OP AGTERGROND. KLANK VAN BAKKIE KON NADER EN STOP. LEON GEE TWEE KORT TOETE OP BAKKIETOETER. KLANK VAN DEUR OOP EN LEON KOM OP MET KOUDHOUER VIR DRANK)

LEON: (VIR HOMSELF): Nou waar bly die donner? (MAAK 'N BOTTEL OOP EN GOOI DRANK IN 'N GLAS. HY DRINK. 'N ANDER BAKKIEKLANK WORD GEHOOR) A! Hier kom hy.

HENDRIK (HOU VAN VERHOOG STIL. BAKKIE AF EN DEUR OOP. VAN VERHOOG AF): Hallo Boet.

LEON: Jis, Boet.

HENDRIK: Hoe lyk die drif?

LEON: Jy sal kan oorstep. Los die Bakkie eerder daar aan Botswanakant. Ek dog jy nie my SMS gekry nie.

HENDRIK: Nee ek het. Gistermiddag al. Jy seker hier's nie krokodille nie?

LEON: Nee man kom deur!

HENDRIK (NADER): Vir wil jy hê ek moes nie deur die grens kom nie?

LEON: Jy't 'n interessante vraggie vanmiddag terug!

HENDRIK (KOP OP SKOENE IN HAND EN BROEK OPPEROL): Wraggies! Ek moes 'n ompad vat en oor tot hier by die grens te kom. Jy's reg. Hulle my dalk deur op pad terug. 'n Halwe bleddie dag gevat om diekant om te kom sonder dat iemand my sien. Hierdie GPS is 'n bakgat ding jong. Al op die plaaspaaie langs. Laaste stuk deur die veld. Nes jy gesê het.

LEON: Dis bakgat. Solank jy net gekom het. Dop?

HENDRIK: Jis, my Boet as jy weet hoe dors is ek.

LEON (SKINK DOP VIR HENDRIK): Hierso, Hendrik.

HENDRIK: Cheers... Boet ek is bly jy't gekom... Ek het amper gevrek van die honger in Botswana. Daai bietjies groente wat jy hier vir my laat koop het om daar te smous het my skaars op my voete gehou.

LEON: Ons moes stadig, Boet. As jy skielik groot geld gehad het was ons albei tickets! En meen mense moes darem kon glo jy smous jou ryk daar anderkant.

HENDRIK: Dis waar. Sjoek't twee jaar vir hierdie dag gewag. So ons gaan uiteindelik deel? Ek het begin dink jy't my gedrop! Daai mense in Botswana en ou Bantjies is nou houtpoppiegerus. Sjoek! Maar sonder groot geld sit jy met jou gat innie sand.

LEON: Praat jy... Ek kon nie geld sommer direk oorplaas nie.

HENDRIK: Jy was slim Leon. Als is nou fine. Ou Inspekteur Bantjies is uiteindelik van my gat af! Jy's baie slim!

LEON: Dit was ONS sceme, Hendrik! Ek moes ook sit en wag. Nou, na twee jaar het Ou Bantjies jou eers gelos. Hy's ook maar lekker dikdom vir 'n inspekteur, nogal! Te vroeg deur die range geklim sê ek vir jou! Uiteindelik glo hy dat jy geniune net loop smous daar in die gramadoelas!

HENDRIK (LAG LEKKER): Is so...

LEON: En dat jou kop jou nie net gelos het na die ongeluk nie.

HENDRIK: Hoe't jy gesê? Tyd Broer Hendrik... Tyd! Twee jaar sjoel!

LEON: Ja. Ek moes ook maar swaarkry diekant. Laaglê.

HENDRIK: Se gat man. Wat meen jy? Jy't lekker veilig by die huis gesit en ek moes die "punch" vat en kamstig gaan geldmaak met smous.

LEON: Enigste manier, ou Boet. Dit was 'n smart plan – onthou jy!

(LIG KRUISDOOF NA 'N NAGTONEEL OP DIESELFDE PLEK. DIS 'N PAAR JAAR GELEDE. PLAN WORD GESMEE)

LEON: Nou goed, Hendrik. Hier's die plan. Jy tokkel die ou tannies se koppe vir die belegging. Ek belê hul spaargeld in die bank vir die koop van die gebou. Jy trek die geld vir die koop van die gebou in kontant en vat dit weg met die bakkie.

HENDRIK: Jis! Dit gaan werk, Boet!

LEON: Ons vat "Cash-In-Transit" versekering. Jy gee my die geld, maar hou Die onttrekkingslip en banksak by jou. Op die stil pad toe, druk die "Transit Robbers" jou van die pad af. Jy rol die bakkie en hulle roof jou. Dis die storie! Sad man, Sad! 'n Hele twee punt sewe miljoen kontant weg en hulle los jou daar by die bakkie! Jy bel die polisie en vertel hulle wat gebeur het. Jy het die leë banksak, die slippie en die "Cash-In-Transit dekking" by jou. Brilljant!

HENDRIK: Raait! Ek is in Boet!

LEON: Jou kop los jou oor die arme ongeluk en jy trek amptelik Botswana toe. Ek sorg vir jou van hier af soos ek kan en ons wag twee jaar voor ons die tannies se geld opsplits.

HENDRIK: Raait ons probeer dit! Ek is in soos in in, Boet. Ek het klaar gesukkel in my lewe...

(LIG KRUISDOOF TERUG NA DIE DAGTONEEL SOOS BO)

(HULLE LAG EN SKINK NOG "N DOP)

ALTWEE : Cheers! Op daai plan! Hier sit ons vandag. Silwerskoon!

HENDRIK: Ek het myself omtrent opgedonner om daai bakkie om te gooi. Ek kom my nek gebreek het.

LEON: Praat jy!

HENDRIK: Sorry oor die bakkie toe sommer deur die boom ook verder opge"smash" is.

LEON: Kleingeld pal... kleingeld. Versekering het lekker uitbetaal! Vir die bakkie en die die "Cash in Transit"

HENDRIK (LAG LEKKER): "Cash in Transit" Lekker op pad plaas toe!

LEON: Netso! Al daai groen groenblare lekker veilig by my hier op die plaas.

(HULLE BEGIN LAG WEER)

HENDRIK: Cheers!

LEON: Tjorts sê nie aap! Nee kyk, Boet... Ek ken van plan maak! (HY LAG) Jy los die geld by my in cash, neuk die bakkie om word gerob!

HENDRIK: En ek sny landuit want ek is nie lekker nie en die hele flippen handelstak, met ou Bantjies voor-innie-koor charge Botswana toe en ek't nie sent deur die grens nie of naby my nie. Boggerol in die bank behalwe die ou paar miserabele randjies wat jy so nou en dan vir my oorstuur. Alles oop en bloot en wettig. So ek's onskuldig!

LEON: Nou praat jy... Ja ek moes maar versigtig wees dat ek nie te veel oorstuur nie. Hulle het my bankrekening ook fyn dopgehou! Ek was seker maar so onder die kombes onder hulle oog.

HENDRIK (ERNSTIG): Hoeveel het die insurance toe betaal?

LEON: Bleddie lank gevat – amper ‘n jaar. Maar alles darem. Twee punt sewe miljoen plus rente vir die tyd toe die saak nog oop was.

HENDRIK: En toe drop Ou Bantjies die saak.

LEON: Hy kon nie anders nie ... Hy moes die saak toemaak.

HENDRIK: So die anties besit nou die gebou?

LEON: Ja. Ek kon dit betaal... met die versekeringsgeld. Goeie belegging en hulle score mooi. Ek meen ek het mos darem ‘n hart vir die ou mense, my ou Boet...

HENDRIK: En ons sit met die twee punt sewe mills in cash. Oppie plaas!

LEON: Jip. Vat nog ‘n vale dan split ons dit op.

HENDRIK: Twee jaar was lank pel... Ek dink ek gaan verder Noord op spuit. Net om verder uit ou Bantjies se kreefogies uit te kom. Ek hoor hulle gee plase weg in die Kongo.

LEON: Slim. Maar hang maar nog so ‘n paar maande rond in Botswana. Het jy darem al ‘n nuwe bankrekening?

HENDRIK: So ‘n kleintjie. Jy weet... vir die wins van die groente.

LEON: Gee my die nommer... Dan kan ek darem so nou en dan ietsie vir jou insit. Of beter nog... Faks dit vir ou Swannie.

HENDRIK: Ou Swannie die prokureur? Hy het dit mos. Hy betaal dan anmens jou partykeer bietjie oor. Hierso, vat jy dit eerder

LEON: Ja wat, gee maar. Hy kan dit op my lêr sit en dan kan ek dit weer daar kry.

HENDRIK: Standerd bank. 566 433 95623566

LEON (SKRYF DIE NOMMER IN SY SAKBOEKIE): Het hom. Laat ek die nommer maar op twee plekke neerskryf. Netnou verloor ‘n mens bladsy of so. Nog ‘n dop voor ons finaal split, my ou broer?

(HULLE SKINK NOG “N DOP)

HENDRIK: Dankie! Dan gooi ek my helfte in equipment en saad vir my nuwe plaas en dan’s ek tjoef-tjaf wettiglik innie groot geld en van jou rug af.

LEON: Soos jy daar sê, Boet, soos jy daar sê... Cheers!

HENDRIK: Laat hy val waar hy wil.

(HULLE DRINK)

HENDRIK: Ja! Laat hy val waar hy wil!

LEON: Is die chienk by die plaashuis? Ek weet nie of ek dit moet waag soontoe nie? Netnou sien die werkers my.

HENDRIK: Hulle is almal dorp toe, Einde van die maand. Net daai siek Zimbabwe ou is op die buitepos. En hy kan sy gesig nêrens wys nie. Hy's onwettig, jy weet. En toe kom raak hy hier siek. Nogal 'n probleem as hy hier omkap.

HENDRIK: Hei Boet... Het hierdie rivier krokodille of het hy krokodille? Dis nie 'n probleem nie!

LEON: Ja die natuur gee en hy neem.

HENDRIK: So waar's die geld?

LEON: Jy's reg... ek is nie onnosel nie. Ek het vir veiligheid hier in die veld weggesteek.

HENDRIK: Jy't 'n moerse kans gevat!

LEON: Nee wat. Hier kom nie 'n ander mens nie! Veilig in 'n ou army ammo-kis. Netjie toegedraai en geseël In 'n plastieksak.

HENDRIK: Jis! Waar's dit?

LEON: Maak oop jou oë pal. (WYS VAN DIE VERHOOG AF) Wat sien jy daar?

HENDRIK: Waar?

LEON: Onder die dooi Mopanie.

HENDRIK (OP): Jis ou Boet! Twee jaar. Twee jaar!

LEON: Gaan kry dit...

HENDRIK (OPGEWONDE AF) Ek wag al my lewe lank vir hierdie dag!

LEON: Praat jy met daai bek terwyl jy nog tanne het! (MOMPEL) Twee jaar... En jy dink dit was lank, Boet...

(VINNIGE VERDONKERING. PISTOOLSKOOT KLAP IN DONKER)

TOONEEL 9

(LIG OP IN ONTVANGSKAMER WAAR JOYCE WERK. DEURKLOKKIE LUI EN LEON KOM OP)

JOYCE (VRIENDELIK): More, mnr. Rossouw.

LEON (KOM IN. OOK HEEL OPGEWEK): More Joyce... Dokter al hier?

JOYCE: Ja. Hy't vroeg ingekom. Weer die hartritme? Ek kry net u leër.

LEON: Toemaar dis nie nodig nie. Die ou tieker voel deesdae piekfyn! Ek wil sommer net gou kom hallo sê. Klein sakkie.

JOYCE (BIETJIE SENUWEEAGTIG): Ons het u gebou se huur betaal Mnr Rossouw. Het u die inbetalingsbewys nog nie gekry nie? Ek het dit gefaks. Alles kontant inbetaal. Soos u dit wil hê.

LEON: Nee wat. Moenie bekommerd wees nie. Almal kry maar swaar. As Dok Gert 'n bietjie laat betaal is dit in orde... Ek het darem ander beleggings en dis vir my lekker dat hy hier in my gebou is. Miskien trek ons later daardie apteker wat kan belangstel vir langsaan. Jy weet hoe kloek die mediese mense almal saam. Dan's my hele gebou beset en almal is gelukkig.

JOYCE (VERLIG): Ja dis waar... U kan maar deurstap. Klop net asb. Dokter is nogal gesteld daarop.

LEON (WEG): Ek maak so...

(KRUISDOOF NA DOK SE SPREEKAMER. HY AGTER LESSENAAR BESIG AS LIG OPKOM)

TONEEL 10

(DR. GERT SE SPREEKKAMER. WAAR HY WERK)

(KLOP AAN DEUR)

DR. GERT (IETWAT GESPANNE MAAR PROFESSIONEEL): Binne...

LEON (STAP IN. VRIENDELIK): More Dok Gert. Maar jy's vroeg op! Besige man?

DR. GERT (GROET EFFE VERLEË): Ja... Nogal...

LEON: Dis mooi!

DR. GERT (ONSEKER): Nou ja... Wat's fout? Weer die hartkloppings?

LEON : Nee wat piekfyn!

DR. GERT: Sit... Dan hoor ons... Ek kry net gou die leër. (WIL UIT) Joyce!

LEON: Nee wat! Los! Ek wil sommer net bietjie gesels.

DR. GERT (NOU MEER GESPANNE): O...

LEON (LAG LEKKER): Wat spring jy so op en af man!. Sit! Ontspan! Dit gaan nie oor die huur nie!
Almal kry swaar!

DR. GERT: Ek probeer inhaal. Regtig. Dinge begin nou optel

LEON: Ek sal jou tog nie hier uitsit oor 'n paar ou randjies nie! Ek weet jy begin regkom. Ek meen die laaste paar maande se kontant kom sommer met lekker groot happe in. Groot waardering, Dokkie. Ek wil sommer bietjie gesels.

DR. GERT: O... Nou wat is dit dan?

LEON (VERTROUELIK VORENTOE): Man dit gaan oor 'n Apteker wat rondsoek vir 'n plekkie. Die man doen glo navraag by die eiendomsagente. Die moontlikheid is dat hy by Swannie se gebou gaan regkom, maar dan sit hy omtrent aan die ander kant van die dorp.

DR. GERT (MEER VERLIG): Ja.. dis waar.

LEON: Nou't ek gereken as jy met die apteker kan kontak maak – ek het sy nommer by Swannie se sekretaresse gekry – en jy kan hom ompraat om hier langs jou spreekkamer in te trek, sal jy my nogal 'n guns doen.

DR. GERT: Maar hoekom bel u hom nie self nie?

LEON: Man dit sal nou bietjie oneties van my wees al dan nie? Dit sal so lyk of ek die man by Swannie se gebou wil afrokkel.

DR. GERT: Maar sal dit nie oneties van my wees om... om...

LEON (BAIE VERTROULIK): Nee... Jy sien ek het gedink dan kan ek jou weer tegemoet kom met die huur hier van jou kamers. Ek meen die plek staan lankal leeg en ek verloor nou daar. So as jy my help om die apteker hier te kry dan slaan ek vir jou so derde af hier by jou en almal is tevrede! Ons kan bietjie praat oor jou uitstaande huur.

DR. GERT (IETWAT OORBLUF): Ek sien..

LEON: Ou Dok, dan't ek 'n ander probleempie ook. Maar dis vertroulik.

DR. GERT (VERSIGTIG): Ja...?

LEON (INTIEM): Ek sukkel bietjie met 'n man...

DR. GERT: Ja...?

LEON: Jy sien, Dokkie... Ek het 'n ZIM-werker op die plaas. Op die verste buitepos en die ander werkers weet nie van die man nie. Jy weet hoe smaak hulle oor inkommers wat hulle werk vat

DR. GERT (IETWAT VERLIG): Ek verstaan. Zenofobia is 'n lelike ding...

LEON: Ja man. Hy werk lekker goedkoop, maar nou lyk dit my een of ander gogga het hom gebyt en die man lyk of hy gaan inkonk. Enige dag.

DR. GERT: Ek sien...

LEON: Die probleem is die man het nie papiere nie en skop hy nou die emmer hier by my... Hoe kry ek die lyk nou terug ZIM toe sonder dat ek my nou in die gereg vasloop.

DR. GERT: Dit is 'n baie ernstige situasie.

LEON: Ek besef dit. Toe dag ek dalk kan jy vir my 'n ou gunsie doen.

DR. GERT: 'n Guns?

LEON: Ja... Gestel nou die man sterf af... Dan vat ek 'n kis uit plaas toe en jy kom skryf 'n doodsertifikaat met "oorledene onbekend" vir inhandiging en ek begrawe die man daar op die plaas en geen haan kraai daarna nie...

DR. GERT: Maar... maar dit is bedrog! Ek kan van die rol geskrap word!

LEON: Ag kom nou, Dokkie! Hoeveel sertifikate moes jy al uitskryf vir inkommers wat nie 'n papier of 'n ding by hulle gehad het nie. Doen my die ou gunsie en ek laat val die uitstaande huur wat jy by skuld. Ek meen vier-en-twintig duisend rand vir 'n ou papiertjie met jou handtekening op? (STAAN OP) Nou ja! Ek moet aanskuif! Dink oor die saak en dan kom laai ek jou so halfvyf op en ons braai 'n ou dingetjie op die plaas en dan praat ons. Dis Vrydag! Ek's lus vir bees, ou Dok! Ek wil maar solank 'n kis daar by Greyvies gaan optel.

DR. GERT: Vanaand? Ek wonder of ek dit sal kan maak... Ek weet regtig nie... Ek...

LEON (VERDER WEG): Nonsens! Jy werk heeltemal te hard! Dis Vrudag man! Lalien is in elk geval vir die naweek en nog 'n week na daai plekkie in Mosambiek toe en ek het boggerol om te doen! Ek moet in elk geval uitgaan met die kis. Ek wil nie dat die man daar oop en bloot dood lê nie.

DR. GERT: Jy praat of die man al klaar dood is?

LEON: Haai ja. Te aardig! Dit klink seker ongevoelig. Maar laat mens maar betyds voorsiening maak. Dan is ek sommer reg vir begrawe op die plaas as dit nodig word. Ek kom laai jou met die bakkie. Daai pad is te sleg vir daai grend affêre van jou! Haai jy weet... ek haat dit mos as 'n mooi ding

seerkry! Bring nou maar jou doodsboekie, met hom betaal jy sommer daai nuwe Merc ook af! Lekker dag!

(LEON UIT EN LIG DOOF)

TONEEL 11

(DIESELDE AAND OP DIE PLAAS. KRIEKE. HIENA NOU EN DAN. SOMS JAKKALS. LEON EN DR. GERT SIT OP KAMPSTOELE BY VUURKOLE)

LEON (GEMOEDELIK): Ai dis nou saligheid! G'n gekekkel van vroumensom jou ore nie, of wat sê jy Dok.

DR. GERT (IETWAT AFGETROKKE): Ja... Dis waar.

LEON: Gooi daar nog 'n ou hardekooltjie oppie vuur...

DR. GERT: Dis al bietjie laat.... Dink jy ons moet nog bygooi?

LEON; Ja wat. Die ou tjoppie het nog nie eers die doppie behoorlik afgedruk duisternis toe nie! Wat van 'n Jan Groentjie? (HAAL PEPPERMENTLIKEUR UIY KOELHOUKAS EN SKINK)

DR. GERT: Ek moet more vroeg spreekkamer toe... Ek wonder...

LEON: Nee wat! Ek sê mos jy werk jou heeltetal in die grond in! En ons het mos nou lekker besigheid gepraat oor die Apteker en so. Kry vir jou!

DR. GERT (HY DRINK): Hierdie Groen Mamba gaan ons hard pik.

LEON: Praat jy terwyl jy nog tanne het!
('N UIL ROEP ÊRENS)

LEON: Nonnetjie...

DR. GERT: Ekskuus?

LEON: Nonnetjie! Ek sê Nonnetjies uil...

DR. GERT: O...

LEON (SING HEEL VROLIK): My Stellenbosse Nonnatjie die roep my! Sy roep my en ek moet gaan...

DR. GERT: Dis half aardig... Die nonnetjiesuil.

LEON: Ja... Hoe sê die ou mense? Dis of hulle die dinge aanvoel, nê. Ek meen my aanvoeling was darem ook wraggies innie kol. Daar lê die ou man van Zim toe. Morsdood... seker al twee dae... of hoe dink jy, Dokkie?

DR. GERT: Maklik... Maar ek dink hy's dalk eers gisteraand oorlede. Dis miskien maar goed dat jy die kis gebring het... Soos jy sê... nou is hy darem gekis.

LEON: Ja... Ek sal laat die werkers Maandag die gat grawe en dan spit ons hom in. As ek hulle vanaand laat op die dorp gaan haal gaan 'n paar maar wankelstap en hulle gaan nie lus wees vir gat grawe nie.

DR. GERT: Die arme man... Om so op jou eie te lê en doodgaan.

LEON: Ja... Dankie vir die sertifikaat, Dokkie. En dat jy verstaan.

DR. GERT: Ek voel regtig ongemaklik met die hele affêre... En sy arme mense in Zim sal nooit weet waar hy begrawe lê nie.

LEON: Jy's te sentimenteel, Dokkie. Heeltemal te sentimenteel. Nouja. Daar's jou skuldjies nou ook sommer afgeskryf en ek sit met die ou papiertjie.

DR. GERT: As iemand dit ooit uitvind...

LEON (MET GENOEGDOENING): Dan's jou loopbaan in sy peetjie in... En dis nou juis die probleem!

(IEWERS VÊR KLINK DIT OF 'N HIËNA 'N PAAR JAKKALSE VAN 'N KARKAS WEGBAKLEI)

DR. GERT: Wat sou daar aangaan?

LEON: Hiëna... Klink my soos 'n ou alleenloper hiëna wat baklei met die jakkalse oor 'n karkas of 'n ding.

DR. GERT: Dit klink aardig!

LEON: Ja... Gelukkig het hulle nie op ons man van Zim afgekom voor ons hom kon kis nie.

DR. GERT: Hulle vreet darem seker nie mens ook nie?

LEON: Enige ding Dokter. Enige ding! Kyk dis nou een ding van 'n hiëna se kind... Hy kan 'n veld skoonmaak, ou Dokkie. Kyk as hy wegghol dan hang alles aan hom, maar ruik daai hiëna 'n dooi ding om aan te vreet dan hol hy nader dat alles aan hom orent staan! Waar hy verby is sien jy omtrent nie eers 'n beentjie of 'n bloedkol nie... Daai veld is skoonveld! Nie 'n merk dat daar ooit iets daar in die veld gelê het nie. Dis nou die mooi... van 'n hiëna!

DR. GERT (ONGEMAKLIK GESPANNE): Dis aardig... Ek dink ons moet regtig maar klaarmaak... Dis laat en jy moet nog die werkers op die dorp kry.

LEON: Aag wat! Ons vat nog vale! Hulle jol ook maar min op die dorp!

DR. GERT: Regtig Leon. Ek is dankbaar dat jy my skuld afskryf. Ek weet jy sal niemand vertel van die... doodsertifikaat nie.

LEON: Natuurlik nie. Oor hierdie sertifikaatjie bly ek tjoepstil.

DR. GERT: Ek dink julle moet net wag tot die doodsertifikaat ingehandig is voordat julle die Zim man begrawe. Mens weet nooit of Inspekteur Bantjies dalk sal kom navraag doen nie. Jy weet bloot net die feit dat dit 'n onbekende is wat dood is ... sonder identiteitsdokumente.

LEON: Ai, dis lekker om met 'n geleerde man te gesels. 'n man wat vooruit kan dink.

DR. GERT: Wel... Miskien wil hy darem net 'n foto neem vir identifikasiedoeleindes later.

LEON: Dit sal nie nodig wees nie, Dokkie. Inspekteur Bantjies sal nie uitkom plaas toe nie.

DR. GERT: Hoe bedoel jy nou, Leon?

(DIE HIËNA TJANK WEER HEELWAT NADER - ONSTELLEND)

LEON (MAAK KEELSKOON): Jy sien, Dokkie... Die ding werk so. Met die val van die ekonomie het my eiendoms-inkomste 'n bietjie geval. Om die waarheid te sê verskriklik geval. Dan't ek nog 'n klomp geld ook verloor met die Rederyker Trust se ineenstorting en bankrotskap.

DR. GERT (ONGEMAKLIK): U hoef regtig nie u geldsake met my...

LEON (NOG HEEL VERTROULIK): Maar ek wil... Ek wil. Jy sien, Dokkie, as dit nie vir skielike mooi betalings die afgelope paar maande was nie, sou ek moes uitverkoop om die wolf van die deur te hou. Jy't regtig nogal vir my mooi in staat gestel om bietjie te beplan. Daarom waardeer ek dit so dat jy met Apteker ook sal praat om te huur daar langs jou.

DR. GERT: Ek sal probeer, maar...

LEON : Ek weet jy sal dit regkry... Die een hand was mos maar die ander. Jy sien Dokkie, met daai skielike groot afbetalings van jou kon ek toe darem vir my 'n groot lewenspolis aankoop as ek iets sou oorkom. Jy weet mens moet maar dink aan jou ou vroutjie en so...

GERT (VERSIGTIG): Dis waar... Maar u hart is regtig nie in so slegte toestand nie... Dis maar 'n ligte en tydelike ritme-afwyking wat reggestel kan word.

LEON: Ag jy stel my so gerus, Dokkie. So gerus.

DR. GERT: Weet Lalien hiervan? Van die polis... bedoel ek nou.

LEON: Nee wat. Nie sy of my ou broer Hendrik nie. 'n Mens moet darem vir hom ook sorg. Ek was reeds by Swannie oom die testament so ietwat aan te pas.

DR. GERT (OP): Ek is bly. Maar ek dink ons moet maar aanstalties maak dorp toe. Ek moet nog 'n paar goedjies....

LEON (SKIELIK STRENG): Sit Dr. Breytenbach. Sit!

(DIE HIËNA TJANK WEER NABY)

DR. GERT: Wat is fout, Leon?

LEON: Van nou af is ek MNR LEON ROSSOUW vir jou, Dr. Breytenbach. Soos ek gesê het, Inspekteur Bantjies sal nie uitkom om die lyk te kom afneem nie.

DR. GERT (BAIE ONSEKER): Hoekom nie, meneer...?

LEON: Want jy sien, Dr. Breytenbach. Ek wou net gehad het jy moet jou doodsertifikaatboekie saambring. Hierdie doodsertifikaat vir die Zim-man in my sak is my... hoe sal ek sê... ja, my lisensie... as man so kan praat.

DR. GERT (OORBLUF): Ek verstaan nie, Mnr. Rossouw.

LEON: Jy sien... Jy gaan nog een uitskryf.

DR. GERT: Ekskuus?

LEON: Ja. Jy't my reg gehoor. Jy gaan nog 'n doodsertifikaat vanaand uitskryf.

DR. GERT (VLIEG OP): Wat ? Wat bedoel jy? Is hier's nog 'n werker oorlede?

LEON: Ontspan Dr. Breytenbach. Ons gaan nêrens heen nie. Sit!

(STILTE TERWYL DR. GERT GAAN SIT EN HIËNA TJANK)

GERT: Ek verstaan regtig nie, Mnr. Rossouw. Wat gaan hier aan?

LEON: Jy moet verstaan ek is 'n besigheidsman, Dokter. Ek was stomgeslaan dat jy skielik die laaste paar maande groot kontantbedrae van my huur kon inbetaal. En dit terwyl ons weet hoe die ekonomie knyp en jy nie juis baie pasiënte het nie?

DR. GERT: Dit... Dit gaan baie beter.. die laaste tyd.

LEON: Dit gaan wraggies baie beter! So dramaties beter dat ek vir Joyce, jou ontvangsdame bietjie gepols het oor waar die geldjies vandaan kom?

DR. GERT: Wat?

LEON: Ja. En met so 'n paar randjies vir haar in die bank sê sy toe jy betaal elke keer kontant as daai sexy mediese verteenwoordigertjie by jou 'n draai gemaak het. Vreemd nê?

DR. GERT (BEANGS): Ek is nie seker van wie...

LEON: Breytenbach... Moenie vir jou onnosel hou nie. Jy weet van wie ek praat. Ricky Stander. Werk vir Zanthia Pharmaceutical Suppliers in Pretoria. Ag Siestog! Ry met 'n maatskappy tjorrietjie deur die week op haar pillesmousroete vir die maatskappy, maar aitsa! Naweke stoot sy 'n splintenuwe Mercedes 200 SLK registrasienommer RICKY GP uit haar pragtige meenthuis in Moreletapark in Pretoria Oos?

DR. GERT: Ek weet regtig nie wat dit met my te doen het nie. Sy't dalk 'n...

LEON: Kom nou, Dr. Breytenbach...Daai beesdipeksperimente waarmee jy in jou lab besig is ruik vir my verdag. Veral as dit klokslag die dag gedoen word net voor daai sexy juffrou Ricky jou besoek. Ek reken Inspekteur Bantjies sal eerder in jou doen en late in daai lab belangstel as in in hierdie ou dooi Zim man se foto'tjie. Hoe reken jy?

DR. GERT: Ek weet nie waarop jy afstuur nie... Maar ek sal my nie laat afdreig nie.

LEON (KATVRIENDELIK): Niemand dreig jou af nie Doktor! Al wat ek stel is die feite. Daar's fout in jou lab en jy weet dit! Jy skryf 'n doodsertifikaat uit vir 'n onbekende sonder dat jy dit mag doen en hier sit ek met die papiertjie in my sak as bewys. Bietjie oneties is dit nie?

DR. GERT: Ek kan nog altyd 'n verklaring aflê dat u die werker onwettig hier laat werk het en dat ek onskuldig hierin gesleep is met die doodsertifikaat.

LEON: Ek dink nie jy wil dit doen nie?

DR. GERT: Moenie my onderskat nie Mr. Rossouw! U skryf my skuld af om my om te koop. Ek sal dit ook verklaar.

LEON (LAG LEKKER): Nou my aarde! Kappokkie! Waar staan dit op skrif en waarom sal dit wil doen siende die finansiële penarie waarin ek is. Dis mos totaal onlogies sal ou Bantjies reken!

DR. GERT (STIL): Geniet u dit?

LEON : Wat?

DR. GERT: Om so met my kat en muis te speel? Jy's gedrink, Leon.

LEON: (AGRESSIEF) Aag gaan kak, man!

DR. GERT: Asseblief Leon...Ek dag ons is vriende...

LEON (DRONKVERDIETERIG): Vriende... Ek het ook so gedink ja... Vriende. Daarom is ek so teleurgesteld in jou Dr. Breytenbach.

DR. GERT: Maar hoekom tree jy so op? Ek het jou nog net gehelp... Vanaand ook met doodsertifikaat!

LEON: Natuurlik! Meneer hulpvaardig! Jy is so bereid om my te help dat jy my nou al vir maande ook uit my vrou ook uit help!

(HIËNA TJANK)

DR. GERT: Jou vrou? Is jy nou heeltemal mal?

LEON: Ja, my vrou, Dr. Breytenbach! (SKIELIK MEER KALM)

DR. GERT (WIL WEG): Ek dink ons moet eerder ry.

LEON: Bly kalm, Dr. Breytenbach. Ons gaan nêrens heen nie. Sit. (HY SKINK VIR HOM NOG 'N DOP) Sit!

DR. GERT (SIT BEWERIG): Jy maak 'n fout, Leon...

LEON: Ek maak nooit foute nie, Boetie! (GEVAARLIK KALM) Ek weet dit al vir maande! Die toeval is net te groot dat my Lalien telkens na vyf ondersoek moet word. Joyce het dit aan my bevestig. Dit het my bietjie aan die wonder gesit. Heel toevallig het ek ook opgemerk dat Lalien se besoeke Spa toe op Hazyview of na die ou plekkie by Mosambiek altyd saamval met jou kamstige kliniekbeseke wie weet waar... ensovoorts ensovoorts!

DR. GERT: U maak 'n verskriklike fout!

LEON: Nee... Die ou foutjie is verlede week deur julle gemaak toe ek kamstig weg is Pretoria toe vir die vergadering. Skaars uit die dorp toe draai ek terug en gaan wag in die donker naby die rivier se afdraai aan die Pretoria-kant. En sowaar! Daar draai 'n motor in af rivier toe en ek wag so 'n rukkie en hier bel my liewe Lalien my op haar sel en ek dag allakragtie...! maar die vroujie verlang! So raak ek toe nuuskierig oor die kar by die rivier en ek dag laat ek nader trek. Wie se motor staan daar? Joune Dr. Breytenbach met iemand by jou. Haai verlang ek toe so na Lalien dat ek haar bel om te hoor of sy nog reg is by die huis en of sy vir my die nuus sal opneem op die ou videospeler. Maar sy's toe nou in die bad sien! En op daai oomblik besluit Dr. Breytenbach hy en wie ook al in sy kar is om sonder ligte so gou as moontlik gatskoon te maak dorp toe.

DR. GERT: Dis alles toeval, Leon. Ek was daai aand by die rivier, maar ek.. ek het 'n ander meisie by my gehad... Sy't bang geword... Toe ry ons.

LEON: Bang? Ai tog! Ek sou so reken aan daai spoed wat daai kaar uit is dorp toe!

DR. GERT: Dis wat gebeur het...

LEON: Jy weet Dokkie... 'n Selfoon is so 'n handige ding! Ek bel toe maar vir Inspekteur Bantjies en vra of hy nie 'n draai by by huis wil maak om te sien of Lalien veilig uit die bad uit is nie. Want sy klink so half senuweeagtig op die foon as ek met haar praat. En die gawe ou siel, ou Bantjies nou, bel skaars

tien minute later op te sê: “Nee wat! Toe hy die straat afkom toe sien hy vir Doktor wat haar nou-net by die huis aflaai en sy sal seker doodveilig wees!”

(STILTE EN DIE JAKALSE HUIL NADER)

DR. GERT (STIL): Wat wil jy van my hê?

LEON: Min! Net nog ‘n doodsertifikaat.

DR. GERT (UITERS BEANGS): Nog ‘n ...

LEON: Nog ‘n doodsertifikaat ja... Vir my.

DR. GERT: Vir ...jou?

LEON (RUSTIG): Ja ‘n doodsertifikaat vir my, arme ou Leon Rossouw se laaste dag het aangebreek op hierdie ou aarde...

DR. GERT: Leon.. Moet nou nie ‘n onverantwoordelike ding doen nie. Asseblief!

LEON: Luister nou mooi. Ek is maar net bly jy het jou sertifikaatboekie saamgebring. Jy skryf nou vir my ‘n doodsertifikaat uit en jy teken dit. Mnr. Leon Rossouw het op dese datum en tyd op die plaas en in jou teenwoordigheid gesterf.

DR. GERT: Jy is springlewendig. Leon!

LEON: Haai Shame en toe sterf die arme ou Leon Rossouw toe mos aan ‘n hartaanval?

DR. GERT: ‘n Hartaanval? Dis mos totale waansin!

LEON: Nee... Dis totale logika, Dr. Breytenbach. Laat ek dit vir jou mooi uitspel. Ek sterf aan ‘n hartaanval hier op die plaas en jy is by my terwyl ek nou so groet sien. Ons het toevallig ‘n kis byderhand vir die siek Zim werker, maar hy moes seker teruggeloop het oor die grens na sy mense toe die hy voel die einde staan nader.

DR. GERT: Maar hy lê daar in die kis!

LEON: Nee Doktor! Ek lê daar in die kis! Ek oorlede Leon Rossouw! Jy het my ondersoek, gesien ek is dood en die doodsertifikaat maar uitgeskryf.

DR. GERT: Jou doodsertifikaat?

LEON: Ja, myne. Daarna het jy my lyk in die kis geplaas en mooi toegeskroef. Nou wie moet jou nou help laai? Die volk is op die dorp. So jy besluit om my hier in die kis te los. Netnou gaan jy die met my bakkie die doodsgeval rapporteer by Inspekteur Bantjies op die dorp en somer ook die regte verklaring oor die omstandighede van my tragiese heengaan maak. Later vanaand probeer julle vir Lalien in Mosambiek opspoor, maar daar is nie selfoon ontvangs nie! Jy stel voor dat julle maar gaan slaap en more by Swannie uitkom om maar ook daar te sê wat gebeur het. Ou Swannie deel julle mee dat ek nog altyd op die plaas begrawe wou wees want: “Haai mense! Net somer gister nog het ou Leon sy wens so in sy testament uitgespreek! En hy’t so mooi gevra dat niemand hom tog in die kis moet kom kyk nie – Dis so aardig en onwaardig vir hom al sou hy dood wees.”

DR. GERT: Dis die grootste onsin wat ek nog van gehoor het! As jy dink jy gaan hiermee wegkom...

LEON: Klaar gedink, Doktertjie! Laat my klaarpraat! So probeer julle nog so twee dae vir Lalien opspoor, maar verniet. Dis warm. Jy stel voor dat julle maar met die begrafnis hier op die plaas voorgaan onder die omstandighede. Die hele lot kom uit plaas toe vir die begrafnis en julle gooi toe. Inspekteur Bantjies kan reël met die werkers vir die grafgrawery. Hy sal hulle tog moet uitbring.

DR. GERT: Vir wat doen jy dit?

LEON: Ai, ou Dokkie... Ek hou van eerlikheid, en daarom gaan ek jou nou mooi sê. Toe ek uitvind van jou en Lalien kon ek nou hier 'n hengse kabaal opgeskop het en jou met hierdie einste pistool van my doodgeskiet het.

DR. GERT: Hoekom kry jy nie klaar en skiet my nie, Leon? Dis tog wat jy wil...

LEON: Ek sou seker kon ja... (HY HAAL PISTOOL OOR EN MIK NA DR. GERT. DAN ONTSPAN HY DIE VEER WEER) Maar ai... Dis so 'n morsige en onnodige affêre...Sou seker ook nog weggekomp het by die gereg met passieoord en so.

DR. GERT: Hoekom skiet jy nie, Leon?

LEON: Ag nee. Waarom nou 'n mooie liefde tussen twee jonge mense so verwoes? Jy en Lalien pas dan so mooi bymekaar! Met my uit die weg, is ek seker julle gaan nog baie mooi jare saam hê as man en vrou. En ek het so mooi vir haar gesorg in my testament, Dokkie. Al julle probleme is sommer opgelos.

DR. GERT: Ek glo nie wat ek hoor nie?

LEON (IETWAT ONGEDULDIG): Kom nou, Dr. Breytenbach. Dit is tog so eenvoudig! Dink jy ek sal met Lalien kan saamleef na alles? Dink jy nie ons los hierdie gemors op beskaafde wyse op nie? Ek is tog nie rênreig so die moer in vir jou nie. Ek verstaan! Sy's 'n mooi vrou!

DR. GERT: Leon ek verstaan jou nie?

LEON: Die saak staan so! Ek is dood en begrawe. My polisse betaal uit en en ek red haar van skuld op my besigheid by die bank en van bankrotskap! Hoe sal sy lewe? Daar is darem ook 'n ou lewenspolisie wat sal bystaan...

DR. GERT: Dit gaan nie net oor haar nie... Oor ons nie.. Is ek reg?

LEON: Ai! Dis lekker om met 'n slim man te praat. Natuurlik nie, Dokkie. Dit gaan nie net oor julle se maandelange gekafoefel onder my neus nie. Ek is op die punt van bankrotskap, sien. Ek sou seker nog so twee maande die spul kon bluf by die bank met projekte in die pyplyn en sulke strontstories. Maar... daar is niks! Ek sê vir jou niks! (LEON RAAK NOU EFFE BEWOë) Ek dink aan Lalien ja... Maar ook aan my arme ou broer. As hy moet terugkom om vir haar ook te sorg sal hy dit nie maak nie. Ek vra jou nou mooi as vriend, en verskoon maar as ek bietjie emosioneel raak... Ook as my vrou se baie moontlik tweede man... om so nou en dan iets vir hom oor te betaal. Swannie het sy bankbesonderhede en so... Of wag hier is dit as Swannie dit nie kry nie. (HY SKEUR DIE PAPIER MET DIE NOMMER UIT SY BOEKIE) Ek het darem nog 'n nommer hom. Vat maar.

DR. GERT: En jy? Wat gebeur met jou?

LEON: Ek lê mos nou daar in die kis... en Maandag lê ek hier onder die grond op my geliefde plasie.

DR. GERT: Dis nie wat... ek bedoel nie, Leon... Wat van jou?

LEON (BLAAS SY NEUS): Ek verdwyn, my ou broer... Ek het die geld wat jy my vir die huur betaal het in kontant en ek glip vanaand nog oor die grens Botswana toe. My ou broer sal vir my plek hê.

DR. GERT: Is jy mal? Die leeus sal jou opvreet! Jy sal verdwaal!

LEON: Nee wat. Ek het mos darem hierdie goeie pistool en 'n lekker GPS by my. Kyk hier ... Fantastiese ding. Dis net so sewe kilometer bos langs dan is ek op die grootpad. Ek sal daar skuil en dan 'n taxi vat tot op die naaste dorp en vir ou Hendrik daarvandaan bel om my te kom haal.

DR. GERT: En dan?

LEON: En dan trek ek later deur Kongo toe met my broer se paspoort. Ons is mos identies so hy sal dit vir leen. So ongelooflik baie identies, soos ou Swannie sê. Ek loop boer daar in die Kongo terwyl ou Hendrik in Botswana aangaan met sy smousery. En my besigheid is uit die skuld uit en Lalien is goed versorg met geld en 'n liefdevolle nuwe man.

DR. GERT: Leon... Ek... kan nie!

LEON: Sjuut Dokter, Die bome het ore. Jy kan. Dink net! Julle tweetjies is gelukkig en jy verloor nie jou doktorsloopbaan nie, want niemand kan jou die mediese rol skraap oor vals doodsertifikate aan die Zim man of oor jou dwelmfabriekie daar by jou spreekkamer nie.

(STILTE. NET KRIEKE EN DAN DIE HIËNA WAT VÊRDER LAG)

LEON: Nou ja, my ou vriend. Dis tyd laat ons groet. Jy het jou lyk. Ek het my GPS. Ek kry net daar vir my 'n bottel water... en as jy nie sal omgee nie.. die kwartbottel Raaswater! Jy kan begin skryf aan my doodsertifikaat. Die Zim man se doodspapiertjie hou ek maar vir eers vir my eie sekuriteit, sou jy nou dink om 'n onnosele ding aan te vang en gaan split by ou Bantjies.

DR. GERT: Leon...

LEON: Sjuut! Hier's my hand, ou maat. Dis die laaste keer wat ons mekaar sien... Sterkte vir die volgende week of so en dan sal jy sien alles sal sommer so mooi in gladde spoortjies begin val. Nou goed! Ek stap en jy begin skryf. Die sleutels is in die bakkie (OP EN OP PAD UIT) Dokkie... Ek dink jy moet maar daar laboratoriumpie van jou ook vanaand gaan skoonmaak. Jy sal nie daai geldjies weer nodig hê nie. Ek daai pop lyk vir my gevaarlik. (UIT)

(KRIEKE EN DAN DIE HIËNA WAT WEER LAG)

(LIG DOOF OP VERSLAE DR. GERT)

TONEEL 12

(LAATNAG. LIG DOOF IN OP INSPEKTEUR BANTJIES WAT AGTER LESSENAAR SIT EN WERK OF BY HUIS TV KYK - REGISSEUR KAN BESLUIT. KLOP VAN VERHOOG OF VOORDEURKLOKKIE LUI).

BANTJIES: Wie's daar?

DR. GERT (AF): Dis ek Inspekteur. Dr. Breytenbach

BANTJIES: Kom binne!

DR. GERT (OP): Naand Inspekteur.

BANTJIES: Aarde Dokkie, Jy lyk of jy 'n spook gesien het! Wat's fout?

DR. GERT: Jammer ek pla so laat, maar daar het 'n tragiese ding gebeur... Ek...

BANTJIES: Kom in Dokter. Jy's behoorlik ontsteld. Kan ek vir jou koffie maak?

DR. GERT: Nee dankie Inspekteur. Ekke... kom maar net...

BANTJIES: Wat?

DR. GERT: Dis mnr. Leon Rossouw. Hy't...

BANTJIES: Motorongeluk?

DR. GERT: Nee... uh

BANTJIES: Nou wat van hom, Dokter?

DR. GERT: Hartaanval. Hy't 'n hartaanval gehad...

BANTJIES: hartaanval? Ag my liewe aarde dokter, na alles wat die man al deur is die laaste twee jaar?

DR. GERT: Ja. Gelukkig was ek by hom. Ek het... probeer doen wat ek kon. Maar ons was op die plaas. Ek het nie adrenalien gehad nie...

BANTJIES: Ag Dokter, moet nou nie vir jouself balmeer nie. Ek meen 'n mens doen wat jy kan, maar jou tyd is seker maar jou tyd. My vrou gaan weer vir haar diep onstel oor die nuus! Sy's tog so aanvoelerig!

DR. GERT: Seker. Wel... En dis hoe dit gebeur het. Ek moes gaan kyk na siek Zimbabwiër. Maar die's to skoonveld en wel... Hartaanval.

BANTJIES: Ai laat dit nou daar moes gebeur het! As dit nou maar op die dorp was...

DR. GERT: Dan kon ek dalk nog help...

BANTJIES: Soos jy sê Dokter. Mens voel so magteloos partykeer met die dinge. Maar ons doen maar wat ons kan. En sy vrou? Weet sy al?

DR. GERT: Sy sit in Mosambiek as ek dit reg het? Ek het 'n paar keer probeer bel, maar die daar's nie selfoon ontvangs nie.

BANTJIES: Ai tog! Enige idee wanneer sy terugkom?

DR. GERT: Ons het nie eintlik oor haar gepraat nie. Leon het iets gesê van 'n week of so. Ek het nie mooi geluister nie.

BANTJIES: Ai tog! Die arme vrou. Ons sal die boodskap by haar moet kry. En sy broer is ook iewers in Botswana. Toe ek laas met hom gepraat het sou hy verder op Kongo toe of iets. Hoe ons hom gaan opspoor weet net hyself.

DR. GERT: Ja dit kan 'n probleem wees.

BANTJIES: Darem snaaks hoe die toeval loop, Dokter. Ek meen Mnr. Rossouw vat jou saam om na die siek Zimbabwiër te kyk en daar gebeur die ding nou met hom!

DR. GERT: Ja... Dit IS 'n vreemde wêreld, Inspekteur.

BANTJIES: Ek sê altyd vir die vrou: "Vrou! Mens maak jou reg vir lekker jêem dan kom smeer die ou lewe 'n pot ... ag aksies... "gemors" op jou brood. Dan sê sy weer: "Bantjies my ou man! Maak jou reg vir daai "besigheid" dan "surprize" die lewe se lekkerste jêem jou dalk daai dag...

DR. GERT: Ja.

BANTJIES (MET TROTS): Sy's 'n wyse vrou, my vrou!

DR. GERT: Ja.

BANTJIES: Nou kyk nou, daar vat julle die kis vir die Zimbabwe man, hy't die pad gevat en hier slaat Mr Rossouw dood neer. Dis nou die sleg jêem. Maar daar het julle toe sommer 'n kis vir sy lyk en dis nou die geluk deel van die jêem.

DR. GERT: Ja... Seker. As mens dit so sien...

BANTJIES: In elk geval. Ons sal sy vrou moet probeer opspoor. Lê hy nou maar daar op die plaas?

DR. GERT: Ek het hom maar gekis... in die Zimbabwe... kis. En hy wou blykbaar op die plaas begrawe word. Ons sal maar sy testament onder oë moet kry. Ek dink Swannie is... wel was sy prokureur.

BANTJIES: Wel as dit so is dan maak dit nie sin om die kis dorp toe en weer uit karring plaas toe nie. Dis warm en die begrafnis sal moet gou gebeur. Hoe stel jy voor Dokter?

DR. GERT: Nee... Ek val maar in by wat Inspekteur reken die beste sal wees.

BANTJIES: Jong, dis nou al laat dokter. Ek dink nie ons moet nou die hele dorp op hol jaag nie. Die opspoor van die vrou is nou die dringendste.

DR. GERT: Seker.

BANTJIES: Ai! Dis die slegste deel van my werk. Om so iets te loop sê.

DR. GERT: Ja... Seker.

BANTJIES: Ek dink eerste ding more is om die Mosambiek grenspos te bel en te hoor wanneer sy daar deur is. Ek sal so ses uur begin bel as hulle oopmaak. Teen daai tyd sal ek al haar kar se registrasienommer by hoofkantoor behoort te gekry het. Dalk kan die grens 'n aanduiding gee waar sy haar bevind. Hulle skryf darem die bestemming van reis partykeer neer. Ek hoop net sy het daai deel ingevul. Jy weet... vroumense? Ek sal hulle polisie ook bel met die nommer dan kan hulle solank rondkyk. Jy kan solank more vroeg vir prok. Swannie bel en hoor of mnr. Rossouw inderdaad op die plaas begrawe wou word.

DR. GERT: Ek sal so maak. As dit so is dan los ons maar die kis daar.

BANTJIES: Hoe dit ook al sy. Ek sal maar begin ry Mosambiek toe as die grens bevestig dat sy nog nie terug in die land is nie. As hulle haar kry, wil 'n mens darem nie hê 'n vreemdeling moet vir haar die nuus bring nie. Hulle kan maar aan my rapporteer en ek sal dit doen.

DR. GERT: Dis reg. Ek... Ekke het die doodsertifikaat maar saamgebring...

BANTJIES: Sê weer?

DR. GERT: Ek... Het die doodsertifikaatboekie maar saamgevat indien die Mosambieber dalk oorlede was enne... toe is dit nie nodig nie. Toe skryf ek maar Mnr. Rossouw s'n klaar.

BANTJIES: Sien! Dis hoe die jêem loop! Verwag dit en kry dat soos die Vrou sê. Laat ek maar sien.

(CERTIFIKAAT WORD UITGEHAAL EN BANTJIES LEES)

DR. GERT: Die skrif is nie baie goed nie... Ek was so geskok.

BANTJIES: Verstaanbaar... (KONSENTEER TERWYL HY LEES) Maar julle dokters skryf mos in elk geval soos die hond se... Ag ekskuus tog dokter... ek het dit nie so bedoel nie

DR. GERT: Toemaar dis reg.

BANTJIES (LEES): Hmmm. Ja. Nee wat, die sertifikaat is in orde, dokter. Natuurlik sterfte. As dit nie moeite is nie, maak maar vir my en prok. Swannie 'n paar afskrifte en laat my mense dit more sertifiseer. Mens kan nooit genoeg van die goed hê nie. Rekeninge wat moet toegemaak word, karre wat moet hergeregistreer word, boedel afskrifte, polisse, versekering en wat nog als!

DR. GERT: Ek sal so maak.

BANTJIES: Gee maar die afskrifte vir prok. Swannie. Sal Dokter dalk kans kry om maar solank die aanmelding by Binnelandse sake te maak en die papierwerk af te handel. Ek wil maar so vroeg moontlik more roer Mosambiek toe om sy vrou te probeer opspoor.

DR. GERT: Ek sal so maak, Inspekteur.

BANTJIES: Nou ja... Ek dink dit sal dan maar al wees wat ons vanaand kan doen (HY STAAN OP)

DR. GERT: Dis reg so... Moet ek nie more 'n verklaring gaan aflê nie?

BANTJIES: Jy sal maar moet. Ai, so 'n onnodige klomp papierwerk. Hou dit maar kort, Dokter en probeer maar net kortliks saamvat oor waar, hoe laat en hoe hy gesterf het. Jy stel maar net dat jy besef het dis 'n hartaanval wat hy kry en jy nie kon help nie en dat jou nadoodse ondersoek dit so bevestig.

DR. GERT: Ek sal so maak.

BANTJIES (VERTROULIK): Dokter... Hou maar die hele ding van die Zim man uit die verklaring. Mnr Rossouw het genoeg moeilikheid in sy lewe gehad. Dit sal nou net weer 'n klomp onnodige navrae en ondersoeke beteken wat op niks gaan uitloop nie. My mense by die kantoor het regtig genoeg werk wat meer belangrik is. Ek meen dis diefstal, messteek, moord, korrupsie net waar jy kyk! En weet jy Dokter, die meeste van daai oortreders loop tussen ons rond of stap skotvry uit die hof uit. En weet jy hoekom, Dokter?

DR. GERT: Nee... ekki...

BANTJIES: Ek sal jou sê, Dokter. Oor my mense hulle tyd moet loop en mors met onnodige ondersoekies soos na die Zim man wat verseker lekker sit en pap eet by sy mense in Zimbabwe.

DR. GERT: Nou ja. Ek... moet seker maar gaan.

BANTJIES: Ja. Gaan slaap nou maar goed dokter. Die ding moes jou maar sleg gevang het. En moenie jouself verwyt nie. Jy kon abslout niks aan die saak doen nie...

LIG DOOF UIT

TONEEL 14

(LIG IN OP DR. GERT SE ONTVANGS. JOYCE BESIG MET WERK IN SPREEKAMER.)

RICKY (VROLIK IN): Hallo!

JOYCE (KYK OP EN IGNOREER HAAR) Guh!

RICKY (WAAI HAAR SAK VOOR JOYCE): Hallo! Ricky Stander, Zanthia Pharmaeetical Suppliers, Hallo!

JOYCE: Dokter is besig!

RICKY: Hier' nie kar voor die deur nie ek sien niemand in die ontvangskamer nie? Of het ek blind geword van masterbasie?

JOYCE: Jy... Is 'n vieslike klein meisietjie!

RICKY: Luister hier gefrustreerde ou vrou... Fok jou! En Cheerio! (SY STAP NA SPREEKKAMER)

LIG KRUISDOOF NA SPREEKAMER

TONEEL 15

(LIG IN OP SPREEKAMER. DR. GERT WERK AGTER LESSENAAR)

RICKY (VROLIK IN): Hi Dok. Hallo!

DR. GERT: Wat maak jy hier? Ek het jou gesê...

RICKY: Gertjie... Verlang jy na ou Rieksie?

DR. GERT(ERNSTIG): Rickey. Moenie met my so praat nie! Wees net een keer in jou lewe ernstig.

RICKY (BEKOMMERD): Shit Gert? Wat gaan aan.

DR. GERT (SAG EN INTENS): Luister net! Jy word dopgehou.

RICKY: Hoe meen jy dopgehou?

DR. GERT: Mense weet van jou.

RICKY: Ag bull man! Niemand by die werk weet waar ek bly nie en die mense by wie ek bly weet niks van my nie.

DR. GERT: Dis nie waar nie! Mense weet!

RICKY (VOL BRAVADE): Luister Dokkie! Nie eers jy weet waar ek bly nie. So kry 'n lewe.

DR. GERT: Ricky. Jy bly in 'n pragtige meenthuis in Moreletapark in Pretoria Oos. Jy ry met 'n klein maatskappykarretjie deur die week en naweke met 'n Mercedes 200 SLK met registrasienommer RICKY GP.

(STILTE)

DR. GERT: Is jy by met my?

RICKY (BEWERIG): Ja... waar hoor jy dit? Fok! As jy op my spy!

DR. GERT: Dis nie ter sake nie waar ek dit hoor nie! Ek is ernstig. Mense weet van jou en wonder oor jou lewenstyl. Dis verby Rieks. Dis verby...

RICKY: Hoe... weet ek jy praat die waarheid?

DR. GERT: Demmit Ricky! Hoe dink jy weet ek die goed? Iemand het my vertel waar jy bly en wat jy ry! Jy moet onmiddellik ophou! Jy gaan gevang word!

RICKY: Shit Gertjie?

DR. GERT (PLEITEND): Hou op asb.! Jy was goed vir my... ek weet. Dis hoekom ek jou dit vra. Ek wil nie hê jy moet sit nie Ricky...

RICKY (HUILERIG): Jy's ernstig... Is jy nie?

DR. GERT (SAG): Ek is...

RICKY: Ag heerlijkheid Gert... Ek weet nie hoe ek sal...

DR. GERT: Jy kan Ricky... Jy't nooit self? Het jy?

RICKY: Nee... Net gesmous.

DR. GERT (VERLIG): Dank die Vader! Nou stop dit net...

RICKY: Maar...

DR. GERT: Nie "maar" nie, Ricky. Maak jou keuse... Ek bedoel dit regtig goed met jou. Kry 'n ander werk... Trek... Sê jy't geld geërf... Enigiets! Maar begin voor.

RICKY: Ek sal probeer...

DR. GERT: Jy moet! Ek het alles hier agter verbrand. Hier's niks.

RICKY: Ek het nog net 'n paar...

DR. GERT: Waar is dit?

RICKY: In my handsak

DR. GERT: Smyt dit weg! Nou!

RICKY: Dis oor die drieduisendrand se stuff!... Omtrent!

DR. GERT: Smyt dit weg!

RICKY (HUIL): Waar? Ek is bang, Gertjie!

DR. GERT (KALMEREND): Gee dit vir my. Ek sal dit weggooi

(RICKY MAAK HANDSAK OOP EN GEE SAKKIE PILLE. GERT VERLAAT VERTEK EN TOILET WORD GETREK VOOR HY TERUGKOM)

DR. GERT (OP): Is jy okay?

RICKY: Ja.

DR. GERT: Goed. Nou vat jou goed, skakel jou kar aan en ry...

RICKY (OP. DUIDELIK GESKOK): Jy gaan my nie drop nie Gertjie

DR. GERT: Nee ek sal nie. Maar ons gaan mekaar nooit... ooit weer sien nie.

RICKY: Ek verstaan. (SY DRUK HOM STYF VAS) Dankie Gert...

DR. GERT (TEER): Dankie... Ricky... Bye.

RICKY (SAG): Bye ...

(LIGTE DOOF UIT)

TONEEL 16

(LIG IN OP PROKUREUR SWANEPOEL SE KANTOOR. SKINBORD TEE OP TAFEL. GERT EN SWANNIE DRINK TEE)

SWANNIE: Kry vir jou, Dok. (OP INTERKOM) Mevrou. As die ander arriveer laat hulle maar deurkom. Hou maar die deur oop.

DR. GERT (SKINK): Dankie

SWANNIE: Gatslag by die gelukslag.

DR. GERT: Hoe nou?

SWANNIE: Gatslag man. Ek kry nie Leon se broer Hendrik nie. Seker op die pad.

DR. GERT: Moes hy hier wees?

SWANNIE: Verkieslik ja. Ons moet maar bietjie wag. Inspekteur Bantjies het netnou gebel. Hulle is 'n bietjie opgehou by padwerke. Sal nou hier wees...

DR. GERT: Ek is net bly hy het haar gekry.

SWANNIE: Amper 'n week, magtig! Kon sy nie net ten minste vir haar bediende gesê het waar sy gaan vakansie hou nie?

DR. GERT: Sy't seker vir Leon gesê. Seker gedink dis voldoende. Mens verwag mos nie so iets nie.

SWANNIE: Seker nie. Nou ja! Nou't sy die begrafnis ook gemis.. (MOTOR STOP BUIE) Hier stop hulle nou.

DR. GERT: Wel... toe Inspekteur Bantjies ons teen Woensdag laat weet hy soek nog... Wel...

SWANNIE: Ja nee... Bantjies se raad was miskien hard, maar hy is 'n realistiese mens. Mens kon nie langer wag nie. Sy kon nog 'n week weg wees.

DR. GERT: Ja. Maar ek dink dit gaan vir haar swaar wees. Om te dink sy kon nie eers...

SWANNIE: Ontspan. Sy sal voorbereid hier instap. Bantjies sou haar op die pad vertel het die begrafnis is reeds verby

DR. GERT: Ek het maar 'n kalmeerpilletjie saamgebring as sy dit nodig sou kry.

SWANNIE: Dis goed.

DR. GERT: Was maar 'n klein begrafnis...

SWANNIE: Ja! Heel aardig met net ons twee, die dominee en die paar werkers. Maar hy was maar 'n moeilike ou bliksem, jong. Ook maar 'n paar mense lelik om die bos gelei met besigheidstransaksies. Maar nou ja. Die man is dood. Hier's hulle...

BANTJIES (BUIE): Stap maar voor, Mevrou.

SWANNIE: More, Mevrou...

LALIEN (OP EN KOM GROET): More, Swannie...

(BANTJIES OOK IN)

SWANNIE: My innige simpatie, Mevrou...

LALIEN: Dankie..

SWANNIE: Dit was vir ons almal 'n skok. Voel u sterk genoeg, Mevrou? Dr. Breytenbach kan vir u ietsie gee as u wou... virrie...

LALIEN: Dis nie nodig nie, dankie...

DR. GERT: Van my kant af ook, Mevrou... Ek.. Ek weet nie wat om te sê om te troos nie.

LALIEN: Dankie Dokter...

SWANNIE (NABY): Inspekteur wil u nie vir ons nog twee stoele bring nie as,

BANTJIE: Seker (AF EN KOM MET NOG STOELE OP)

SWANNIE: Dankie Inspekteur. Gaaf van jou. Kom sit gerus, Mevrou... Ag Dokter, wil jy nie vir haar 'n stoel uitrek nie.

DR. GERT: Sekerlik.

SWANNIE: Julle darem veilig gery Inspekteur?

BANTJIES: Ja. Net die padwerke... Moes tien minute wag.

LALIEN (SIT): Dankie, Dokter...

SWANNIE: Nou ja, mense. Kom ons sit.

BANTJIES: Nou... Dan gaan ek maar eers...

SWANNIE: Nee, Kry vir jou ook 'n stoel asb. Inspekteur. Dit... was sy wens dat jy ook moet by wees.

BANTJIES (VERBAAS): O! Ek Kry gou een (AF EN TERUG MET STOEL)

SWANNIE (HOFLIK): Almal gemaklik? Nou ja, mense... Ons weet almal waarom ons hier is... Dit is een van die mees onaangename take wat 'n prokureur ongelukkig moet uitvoer. Maar ons doen dit soos wat die testateur dit gewens het – op ordelike en menslik manier.

LALIEN (HUIL SAGGIES EN BLAAS HAAR NEUSIE DELIKAAT): Jammer...

DR. GERT: Is u seker ek kan nie vir u 'n pilletjie gee nie mevrou?

LALIEN (SNUIF): Nee dankie. Ek voel nou beter...

SWANNIE: Nou goed dan kan ons voortgaan... U weet almal waarom u hier vergader is.

BANTJIES (BIETJIE ONSEKER): Ek weet wraggies nie waarom ek hier moet wees nie?

SWANNIE: Die testateur het versoek dat u ook teenwoordig moet wees by die lees van die testament. Ons voer net sy wense uit. Ek moet verskoning maak dat ons nie daarin kon slaag om sy broer, Hendrik, op te spoor nie, maar aangesien hy meestal op pad is het ons besluit om die saak af te handel en hom dan skriftelik in kennis te stel van die gebeure. Is dit goed so? (OOMBLIK STILTE TERWYL HULLE KOPKNIK EN EEN MOONTLIK EN EEN MOONTLIK "UHM" Sê) Dankie dat u instem. Soos u weet, mevrou, het Inspekteur Bantjies aanbeveel dat ons met die begrafnis voortgaan

aangesien hy u nie betyds kon opspoor nie. Hy't ons gebel twee dae voor hy u kom kry. Dit kon dalk nog ... 'n paar dae... Ag u weet... die hitte...

LALIEN: Dis in orde... Hy het verduidelik.

SWANNIE: Nou.. Die volgende stap is om die testament te lees. U sal natuurlik afskrifte ook ontvang. Sal ons voorgaan?

(SAGTE INSTEMMING VAN ALMAL EN DOKUMENT WORD OOPGEMAAK)

SWANNIE: Die eerste paragraaf is blote registerme wat bevestig dat dit mnr. Leon Adriaanse Rossouw se laaste en finale testament is met die datums en plek waar dit opgestel is. Toevallig baie onlangs hier by my. U kan die geldigheid daarvan self nagaan, maar ek kan verseker dat alles wetlik in orde is. Van belang is hier dat die testateur myself en my firma aangestel het as enigste eksekuteur van sy boedel. Dit is vir my 'n eer, ek waardeer sy vertroue in my en ek doen dit met graagte.

Wat die verdeling van sy boedel betref dan die volgende. Een. Vaste eiendom. Alle onroerende, vaste bates, uitgesluit die plaas Wildehoek - distrik so en so en nommer so en so. U ken die plaas - en alles wat daarop is op die dag van afsterwe...

BANTJIES: Ekskuus... Meen hy nou alle vaste bates BEHALWE die plaas of wat?

SWANNIE: Presies ja. Alle ander vaste bates soos besigheidgeboue, huise ensovoorts wat hier in detail beskrywe is... moet ek dit alles lees? Dit is nogal 'n lywige besigheid wat dit is baie presies beskryf. Die plaas Wildehoek is hiervan uitgesluit met alles wat daarop is.

BANTJIES: Nee ek verstaan. Ek wou net seker maak ek verstaan wat hy bedoel.

SWANNIE: Verstaan u almal ook wat bedoel word?

ALMAL: Ja. Dis duidelik, Uhm (Ensovoorts)

SWANNIE: Goed dan gaan ons aan. "Alle vaste onroerende bates, behalwe nou die plaas soos ek netnou genoem het, bemaak ek uit dankbaarheid vir 'n interessante lewe vol verrassings aan my huidige eggenote, Laliena Getruida Breytenbach, née Swanepoel-Broeksma.

(LALIEN SLAAK "N SUG VAN VERLIGTING EN 'N KLEIN PIEPGELUIDJIE GLIP BY HAAR KEEL UIT)

SWANNIE: Ek kan u verseker dat dit 'n aardige beleggingswaarde bedrae, mevrou, aangesien u oorlede man alle uitstaande skulde op sy bates ten volle verseker het. Net die batebeskerming beloop by die sewe miljoen. Al u bates is dus nou sonder skuld.

(ALGEMENE VERBAASDE REAKSIE VAN ALMAL)

LALIEN: Ek.. Ek het nie besef.. my dierbare man het soveel ... Ek bedoel.. het so aan my gedink nie..

BANTJIES (SPONTAAN): Jislaaik mevrou. Jy's in die "pound seats!"

SWANNIE: Asseblief Inspekteur. Kan ons orde kry asb. Dankie.

BANTJIES: Sorry!

SWANNIE: Tweedens bemaak ek een helfte van alle kontantgeld aan my huidige eggenote, Laliena Getruida Breytenbach, née Swanepoel-Broekma, terwyl die restant van alle kontant as volg verdeel moet word. Vier vyfdes van die restant word bemaak aan my broer Hendrik Erasmus Rossouw en die een vyfde...

LALIEN (ONTSTELD): Het ek reg gehoor? Een helfte?

SWANNIE (MAAK KEELSKOON): Eh... Ja dit is korrek. U kry een helfte. Hendrik die ander helfte. Hy was nogal bekommerd oor sy broer se welstand. Die kontant beloop darem volgens die bank so tweehonderd en veertigduisend rand.

LALIEN: Maar.. ek sal skaars 'n lewe kan maak met sewentig duisend rand!

SWANNIE: U erf darem baie vaste bates wat u dalk van die hand kan sit, sou die nood druk. Ek kan u daarmee behulpsaam wees.

LALIEN: Maar hoe het hy gedink sal ek versekering op dai geboue kan betaal met R70,000?

SWANNIE (MAAK KEELSKOON): Kan ek aangaan? Soos ek gesê het... Vier vyfdes van die restant word aan sy broer Hendrik Erasmus Rossouw bemaak en die laaste een vyfde aan, en ek haal die boedel aan " Een man wat baie moes opoffer en baie aande laat moes werk in die uitvoering van sy pligte en dit alles op 'n onnodigheid. Hiermee bemaak ek dus een vyfde aan Inspekteur Bantjies wat so baie weg van sy dierbare vrou moes wees tydens sy ondersoeke na die roofsaak twee jaar gelede".

(ALGEMENE VERBASING)

BANTJIES: Sjoel! Dit het 'n man darem nie verwag nie.

LALIEN (BITTER): Allermens, ja!

BANTJIES: Heito potato! Ek kan nogal doen met 'n paar sente! Ja wraggies. Ek het dit nou nooit kon dink van mnr Rossouw nie! Heito potato kom hie' of ek byt jou!

SWANNIE: U taal inspekteur... asseblief. Derdens stel ek Dr. GERT Rautenbach vry van alle uitstaande skulde wat my nog geskuld is vir huur van sy spreekkamers asook toekomstige huurgeld.

LALIEN: Sy huurgeld? Nou waarvan moet ek lewe?

(ONGEMALIKE STILTE)

DR. GERT: Dit was baie vrygewig van hom. Ek waardeer dit opreg

LALIEN (IETWAT NYDIG): Natuurlik!

SWANNIE: Daar is egter 'n voorwaarde gekopple en ek haal aan. "Die toegewing word gemaak met met dien verstande dat Dr Rautenbach voortaan geen ondersoek-, voorskrifgelde of enige ander afspraak- of diensgelde van my oorlewende Laliëna Getruida Breytenbach nee Swanepoel/Broeksma, sal vra vir enige toekomstige ondersoeke nie.

LALIEN (GATVOL): Swannie! As jy nog een daardie nee Swanepoel-Broekma haan herhaal gaan ek op jou das kots! Lees net die bleddie testament!

SWANNIE (IETWAT ONVÊRGEGOOI EN KRY EERS WEER SY PROKUREURSTEMM TERUG NA 'N PAAR SINNE): Goed... Dr Breytenbach sal dus die oorlewende Laliëna Getruida Breytenbach nee... sal haar dus gratis behandel of aanspreeklik wees vir die uitstaande huurgeld... dis nou as hy die voorwaarde verbreek" Stop aanhaling. Verstaan u dit duidelik, Dr. Gert?

DR. GERT: Ja... ek verstaan...

BANTJIES: Mnr. Rossouw was ook maar 'n vreemde man nê! Met die een hand gee hy jê en die ander hand ...

(ALGEMENE KLANKE VAN VERONTWAARDIGING)

SWANNIE: Orde asb.

BANTJIES: Maar dis mos waar!

SWANNIE: Ons gaan voort. Vierdens bemaak ek my lewenspolisse soos gestipuleer op die poliskontrakte. Nouja ek het almal hier gereed gekry en kan dit bekend maak (DOKUMENTE WORD OOPGEMAAK) Polis nommer een is die Mooigenoeg Lewenspolis No. 96664, ter waarde van drie punt sewe miljoen. Dit is hier amptelik gesedeer aan Henrik Hendrik Erasmus Rossouw, sy broer.

(LALIEN ONTPLOF OMTRENT)

SWANNIE: Polis nommer twee is die Federasie Polis No. 5632 ter waarde van vyf en sewentig duisend driehonderd rand en is bemaak aan my huidige eggenote, Laliëna Getruida Breytenbach, née Swanepoel-Broek...

LALIEN: So hy het darem aan my ook gedink.

SWANNIE (EFFE VERLEË): Natuurlik. Nou ja die laaste en die grootste lewenspolis is hierdie een van Transparant Polities No. 6695 ter waarde van... van elf miljoen tweehonderd en vyftien duisend Rand en word bemaak.... bemaak aan.. my broer Hendrik Erasmus Rossouw.

LALIEN (VLIEG OP EN ALMAL PROBEER HAAR BEHEER): Dis verregaande! Skandaal!

DR. GERT: Lalien, kalmeer asb.

SWANNIE: Kalmeer asb. mevrou...

LALIEN: Maar het hy mal geword?

BANTJIE: Dis daa'm nie fêr nie!

LALIEN: Dis waansin! Daardie gevrekte, ou lamsakkige broer van hom?

SWANIE (KALMER): Jammer mevrou, maar dit was die testateur se wens. Sal u sit asb. Daar is nog een sokie dan is ons klaar.

(ALMAL SIT WEER)

LALIEN (IN TRANE): Ek glo dit nie! Ek...

SWANNIE: Goed ons maak klaar... Dit is laastens die testateur se wens dat die genoemde plaas Wildehoek en alles roerend en roerend wat daarop is asook die vakansiehuisie in Mozambiek op 'n openbare veiling verkoop en te gelde gemaak moet word.

LALIEN: Dit ook nog! Die simpel plaas verstaan ek nog, maar waarom die huis in Mozambiek?

SWANIE: Dit was die oorledene se wens...

LALIEN (WOEDEND): Man die oorlewende se moer! Dit was my vakansieplek!

SWANIE: Ekskuus. Maar ek moet voortgaan... (LALIEN SIT WEET EN STOOM) Die opbrengs uit die verkoop van die twee eiendomme moet ten volle inbetaal word deur my jarelange prokureur Mr. Swanepoel in die lopende rekening, waarvan die nommer aan hom bekend is of bekend gemaak moet word... in die lopende rekening van my broer Hendrik Erasmus Rossouw.

(TOTALE CHAOS! LALIEN HUIL HISTERIES EN DR. GERT KALMEER HAAR. SWANNIE PROBEER "ORDE ORDE" SKREE)

LALIEN (OP EN STORM UIT): Ek loop! Die vernedering! Hy't mal geword! Mal sê ek vir julle. (UIT)

(DR. GERT UIT AGTER LALIEN AAN EN SWANNIE EN BANTJIES BLY AGTER)

SWANNIE: Mense wag! Kom terug! Mevrou! Ag, wat help dit alles.

BANTJIES : Sjoe! Mnr. Swanepoel vandag het ek alles gesien. Daai vrou gaat mal word! Ek sê vi' jou meneer! Daai dokter sal vir haar moet dik spuit!

LIGTE DOOF VINNIG UIT EN DIS POUSE

TONEEL 17

(‘N JAAR LATER. WEER SWANNIE SE KANTOOR. SWANNIE WERK AGTER LESSENAAR. KLANK KLOP AAN DEUR)

SWANNIE (OP. VERBAAS): Mev. Rossouw! Wat ‘n verassing! Kom in!

LALIEN (IN): Middag Swannie.

SWANNIE: Mensig, maar die tyd vlieg!

LALIEN: Ja dis waar. Dis al meer as ‘n jaar vandat...

SWANNIE: Ja. Arme ou Leon! So onverwags. .. Ja dis al meer as ‘n jaar. Sit, sit, sit!

LALIEN: Ja. Dankie. Ek skaam my nou nog dood oor my gedrag daardie dag.

SWANNIE: Ne wat! Te verstane. Is jy darem al meer oor die ding?

LALIEN: Ja. Dis was ‘n skok, maar Leon se totale irrasionele besluite? Ag los dit maar. Dis verby en ek probeer die mas opkom.

SWANNIE: Ja. Nou waarmee help ek?

LALIEN: Ek waardeer jou tyd. Dis is eintlik persoonlik en... jy was een van my man se beste vriende.

SWANNIE: Praat maar.

LALIEN: Ek wil jou raad vra. As vriend.

SWANNIE: Wel as vriend sal ek jou nie aanraai om verder eiendomme te verkoop nie. Die pryse het so geval en ek dink meer as die helfte was al genoeg. Mens moet dalk maar afskaal en...

LALIEN: Nee dis nie wat ek wou vra nie...

SWANNIE: Ag, ekskuus, ek het sommer aangeneem... Ek weet dit het maar bietjie druk gegaan.

LALIEN: Nee. Dis nie dit nie. Ek wou weet wanneer jy laas van Hendrik gehoor het? Leon se broer...

SWANNIE: Wel om eerlik te wees. Lanklaas... Ek het maar net die faks van hom gekry dat hy gehoor het sy broer is oorlede en reeds begrawe is en dus nie sal kan afkom nie. Geldelike probleme gehad, blykbaar.

LALIEN: Hy is ingestop toe my man nog geleef het, mens sou darem regtig verwag hy sou afkom!

SWANNIE: Haai, dis darem nie waar nie. Toe ek sy Broer Hendrik se bankbesonderhede op jou oorlede man se bankstate moes opspoor vir die oorbetalings was dit regtig maar min. Partykeer maar tweehonderd rand per maand.

LALIEN: Hendrik het vir Leon uitgesuig! Hoe lank nadat hy die verskriklik klomp polisiegeld en die plaas en die Mozambiekhuise se geld gekry het hy nog kontak gehou? 'n Maand? Twee maande? Nee hy is tjoepstil en sy arme oorlede broer se vrou moet sit en kreppeer om kop bo water te hou! Nie 'n sent of 'n navraag van hom oor hoe dit met my gaan nie! Nie eers 'n dankie-sê briefie nie!

SWANNIE: Ek het darem navraag gedoen Lalien. Blykbaar het hy alles gelos in Botswana en oorgetrek Kongo toe om daar te gaan boer.

LALIEN: En seker al die geld ook landuit saamgesleep!

SWANNIE: Lalien... Kalmeer nou. Dis sy geld... Amptelik. Hy kon dit doen. Dalk het hy 'n plaas daar gaan koop. Probeer dit vergeet asb. En gaan aan met jou lewe.

LALIEN: Jy's reg... Dit is eintlik waaroor ek met jou wil praat. Dis iets anders. My lewe...

SWANNIE: Praat maar...

LALIEN: Soos jy sê... Ek moet aangaan met my lewe. Jy sien.... Leon is nou al langer as 'n jaar dood... en.... en

SWANNIE: Praat maar.

LALIEN: Ek is nou in 'n ongemaklike posisie... Dr. Rautenbach was besonder ondersteunend gedurende die laaste jaar en...

SWANNIE: Ja?

LALIEN: Wel... Daar het, teen ons beterwete... spontaan... is 'n gevoel tussen my en Dr. Rautenbach... wel... Gert ontwikkel. Nie een van ons het dit beplan of so iets nie. Dit het net wel.. begin broei.

SWANNIE (EERLIK): Maar dis wonderlike nuus, Lalien! Daar is tog op aarde niks mee verkeerd nie> Julle sal pragtig bymekaar pas! Jy's nog jonk en hy... wel hy is 'n baie gawe en toegewyde man.

LALIEN: Dankie Swannie. Ek kan sien jy bedoel dit. Dis net...

SWANNIE: Dis net wat?

LALIEN: Ek weet nie of die mense gaan praat nie... Jy weet... dis maar 'n jaar en jy ken mense. Sal dit nie beter wees as ek maar alles verkoop en dat ek en Gert maar nog wag en dan later op 'n ander plek 'n nuwe begin maak nie?

SWANNIE (BESLIS): Nee kyk! Nou luister jy mooi na my. Die ekonomie is in sy kanon! Jy gaan nie nou alles hier verkoop en vir jou diep in 'n finansiële dilemma plaas nie. Jy lig jou kop op en jy en Dr Rautenbach maak julle verhouding bekend en as dit op 'n trouery uitloop nog te beter! Dis julle lewe en julle het absoluut niks om weg te steek nie. Die tyd wag vir niemand nie. Alla kragtie!

LALIEN: Baie dankie, Swannie. Ek is bly jy het met my kom praat. Ek voel tonne ligter. As jy nie omgee nie. Ek gaan nou vir Gert bel en hom openlik oornooi vanaand. As jy ook by ons sal kom eet asb. Ek sal dit so waardeer en Gert sal ook ontspan met darem een bekende hier. As ons dan die ding stadig bekend laat word. Dan weet mense darem dit het met vriendskap begin en dat jy daarvan kan getuig. Ek gaan skakel gou en reël dit. (OP EN UIT)

SWANNIE (NA 'N SEKOND OF WAT VAN VROLIKE VOËLGESAG VOL VREUGDE): Nou my liewe ou wêreld ! Dat so iets moois nou uit so 'n tragiese geskiedenis kan kom!

LIGTE DOOF UIT.

TONEEL 18

(LIG IN OP DR. GERT WAT WERK IN SPREEKAMER)

JOYCE (STEM OP INTERKOM): Dokter... Inspekteur Bantjies is hier.

DR. GERT (OOR INTERKOM): Dankie Joyce. Laat kom deurkom.

BANTJIES (OP): More Dokter!

DR. GERT (OP EN GROET): More Inspekteur. Kom sit! Waaraan het die besoek te danke?

BANTJIES (SIT): Dankie dokter. Nee... Ek kom sê maar net geluk en so

DR. GERT (VERLEË): O... Waarvoor nogal?

BANTJIES: Nee ek hoor Dokter en mevrou Rossouw gaan verloof raak. Binnekort, so hoor ek. So ek kom sê maar net geluk!

DR. GERT: Dankie. Aarde maar 'n storie kan darem maar sy loop vinnig deur so 'n dorpie neem nê!

BANTJIES: Ja. Die vrou sê altyd. Dis nou 'n ding van mense. "Het self niks om te doen nie en dat praat hulle maar oor die ander mense.

DR. GERT: Is seker so ja.

BANTJIES (ONSEKER): Ai dokter maar nou's hier 'n lastigheidjie.

DR. GERT: 'n Lastigheidjie? Soos wat?

BANTJIES: Ai dokter. Jy weet hoe's mense! Kan g'n mens mos vrede en geluk gun nie.

DR. GERT: Ja?

BANTJIES: Ai dokter ek het nou al drie keer 'n briefie in die pos gekry... Elke keer dieselfde storie.

DR. GERT (ONSEKER): Ja?

BANTJIES (VERSIGTIG): Dis nou nie dat ek die besigheid glo nie! Kyk ek ken mos darem vir dokter en mev. Rossouw.

DR. GERT: Wat bedoel jy?

BANTJIES: Ai Dokter... Ek het nou al drie naamlose briewe gekry... met bewerings.

DR. GERT: Wat is dit Inspekteur?

BANTJIES: Nee ek kry die naamlose briewe sso hierdie... Hier beweer die persoon nou die onsinnigheid dat... wel dat dokter se aanstaande vrou, Mev. Rossouw haar man se dood veroorsaak het.

GERT (GESKOK): Wat? Maar dis mos totale waansin?

BANTJIES: Presies dokter. Ek meen ek het haar persoonlik gaan haal in Mozambiek met die dat haar man op die plaas dood is. En u het tog duidelik geskryf dat hy 'n hartaanval gehad het.

DR. GERT: Natuurlik! Sy kon onmoontlik...

BANTJIES: Dis wat ek ook sê ja! Die probleem is dokter... Ek het na die tweede brief ook begin vies word vir die skinderstorie!

DR. GERT: Ek sou so dink! Jy wou sê van 'n probleem?

BANTJIES: Ek het opgemerk die eerste twee briewe het ons eie poskantoor se stempel op. So dit iemand op die dorp wees wat wil kwaadstook.

DR. GERT: Iemand op die dorp? Maar ek het tog geen vyande nie, Inspekteur?

BANTJIES: Juis! Dis wat my toe laat wonder het? Ek praat die ding met die Vrou en sy reken: "Nou Bantjies! Hoekom gaan jy nie elke oggend vroeg net Poskantoor toe nie en kyk of daar weer 'n brief die vorige dag gepos is nie?"

DR. GERT: En...?

BANTJIES: So wraggies is die Vrou toe reg! Wyse vrou - soos altyd. Gistermore draf ek ek Piet Pos toe weer so vinnig deur die pos en hier lê die gebroedse!

DR. GERT: Weer 'n brief?

BANTJIES: Ja. Hierdie een. Netjies tussen 'n hele pak rekeninge.

DR. GERT: Rekeninge?

BANTJIES: Ja Netjies tussen 'n pak rekeninge... en dis toe nou vir my snaaks?

DR. GERT: Hoe bedoel jy snaaks?

BANTJIES (VERTROULIK VORENTOE): Dis wat en nie kan verstaan nie, Dokter Netjies tussen jou eie spreekkamer se pak rekeninge aan jou pasiënte?

DR. GERT: Maar dit tog onmoontlik, Inspekteur! Waarom sou dit daar lê?

BANTJIES: Vreemde wêreld, Dokter. Wat opval is dat die persoon blykbaar 'n voorliefde vir 'n mooi lettertipe op die rekenaar het? CENTURY GOTHIC noem hulle die lettertipe.

DR. GERT: Wat beteken dit?

BANTJIES: Nee die lettertipe self is seker maar 'n mens se smaak en beteken seker nie veel nie, maar...

DR. GERT: Maar wat?

BANTJIES: Dit val my én Piet Pos toe op dat al dokter se rekeninge se koeverte met dieselfde lettertipe getik is.

DR. GERT: Inspekteur. Wil jy insinueer dat daardie briewe uit my spreekkamer kom?

BANTJIES: Volgens my mening ja..

DR. GERT (ONSTELD): Maar waarom? Wie sou dit...?

BANTJIES: Dis my punt Dokter. Iemand is besig om wantroue te saai, oor haar, oor jou oor julle planne om te trou.... en ek het 'n vermoede wie dit kan wees Dokter. Dalk baie naby aan u?

DR. GERT (ONSEKER): Jy bedoel tog nie?

BANTJIES: ... Presies, dokter. Mev. de Lange

DR. GERT: Joyce? Maar dit kan tog nie...?

BANTJIES: Dis nou nie net ek wat so dink nie dokter. Ek vra vir die Vrou wie dink sy sal so iets kan doen en sy sê vir my: “Bantjies! Ken jy ‘n vrou?” seg daai vrou van my. “ Ek sê nou vir jou daai Joyce is al al die jare verlief of dokter. Daai einste ontvangsdame van dokter sit agter die hele ding!

DR. GERT: Maar dit kan tog nie wees nie?

BANTJIES: Nee my vrou sê alle dokters se ontvangsdames dink naderhand die dokter is hulle eiendom, met die dat hulle hom altyd so moet beskerm teen die pasiente wat net wil ingaan en so en sy kosbare tyd mors, want die dokter werk dan so hard!

DR. GERT: Maar hoekom sou sy vals briewe skrywe? As dit ooit sy is?

BANTJIES: Seker maar die moedersinstink, dokter! Sy wil jou seker maar net beskerm teen mev. Rossouw, jou aanstaande vroutjie...

DR. GERT: Maar waarvoor?

BANTJIES: Soos ek sê, seker maar bietjie jaloers. Maar ek wil hê jy moet my ‘n guns doen dokter.

DR. GERT: En dit is?

BANTJIES: Ek mag amptelik nie sulke briewe ignoreer sonder behoorlike ondersoek nie. Dit gaan weer ‘n hengse klomp werk vir my manne gee. Nou het gedink as dokter vir my ‘n guns kan doen en haar met die moontlike feite konfronteer en sy beken ... dan sluit ons sokie sommer maklik af. As sy ontken dan sal ons maar moet ondersoek.

DR. GERT: Waarom moet ek dit doen?

BANTJIES: Sy gaan haar doodskrik vir ‘n polisieman dokter, en als ontken. Maar met jou is sy meer... emosioneel betrokke. Dis wreed, maar dalk bars sy in trane uit en dan weet ons ons slaan die spyker op die kop. So as ek nou bv. uitgaan en dokter haar roep dan kan ek dalk hierdie bandmasjientjie hier by dokter los en dan kan ek dit weer kry.

DR. GERT: Ek weet darem nie Inspekteur...

BANTJIES: Asseblief dokter. Klein bietjie moeite om beide Mev. Rossouw en jou naam in ere te herstel op die dorp. Hier is die bandmasjien en daar sit jy dit aan. (HY STAAN OP EN GEE BANDMASJIEN AAN) Dan... gaan ek maar. Ek sal buite in die kar wag as jy my nodig het. (UIT)

DR. GERT: Los maar die deur oop. (DAN OP DIE INTERKOM) Mev. de Lange. Ag kom na my ondersoekkamer asb. (HY SKAKEL DIE BANDMASJIENAAN EN SIT DIT IN OOP LAAI)

(BANTJIES GROET MEVROU DE LANGE IN GANG IN AGTERGROND EN SY KOM IN)

JOYCE (OP): Ja dokter?

DR. GERT: Sit asb. Mevrou.

JOYCE (ONSEKER): Dokter?

DR. GERT: Joyce... Sit asb.

JOYCE: Ja, dokter.

DR. GERT: Inspekteur Bantjies was hier by my met 'n probleem... Dit gaan oor die briewe

JOYCE (SONDER OM TE DINK): Dit was nie ek nie dokter!

DR. GERT: Wat was nie jy nie Joyce?

JOYCE: Ek... ek...

DR. GERT (SAG): EK praat van die briewe, Joyce en jy weet en ek weet en Inspekteur Bantjies weet almal.

JOYCE (BEGIN HUIL): Ek is... Ek ... so jammer, dokter

DR. GERT (KALMEREND): Dis als reg, Joyce. Daar gaan niks met jou gebeur nie. Al wat ek gaan doen is om Inspekteur Bantjies te vra om weer in te kom en hy sal jou vra of dit jy is sodat hy die saak kan sluit sonder verdere komplikasies.

JOYCE: Ag dokter... dis so vernederend!

DR. GERT (SIMPATIEK): Ek weet. Wag rustig en dan roep ek hom. Hy wag in die motor buite. Bly net kalm. Dit sal net hier tussen ons drie bly. (AF)

(JOYCE SNIK 'N PAAR KEER)

LIGTE DOOF UIT

TONEEL 19

('N PAAR DAE LATER. LIG IN OP DR. GERT WAT WERK IN SPREEKAMER)

LALIEN (SE STEM IN ONTVANGS AAN JOYCE): Ek het 'n afskraak nodig nie Joyce! (SY KOM IN)

DR. GERT (STAAN OP): Lalien? Jy't gesê jy moet dadelik kom? Wat's fout?

LALIEN: My senuwees is klaar Gert! Ek...

DR. GERT: Ontspan Lalien! Dis nou al 'n week gelede dat die ding met Joyce op die lappe gekom het. Die hele dorp weet dit was Joyce. Vergeet dit nou!

LALIEN: Dis nie net dit nie, Gert. Ek... Ek begin twyfel Gert.

DR. GERT: Oor wat?

LALIEN: : Oor die troue... oor alles... oor jou!

DR. GERT: Lalien! Waaroor. Jy ken my tog! Ek het jou lief... ek wil met jou trou. Alles is gereel! Ons trou oor 'n week.

LALIEN: Ek weet dit alles, Gert, maar die hele storie van Joyce wat my beskuldig het dat ek Leon...

DR. GERT: Sy't dit tog alles ontken! Jy weet dit. Die hele dorp weet dit! Waaroor is jy nou ontsteld?

LALIEN: Kyk my in die oë, Gert. Wees eerlik met my!

DR. GERT: Wat bedoel jy?

LALIEN: Toe Joyce so maklik twyfel kon saai... Jy kon vir twee nagte skaars slaap?

DR. GERT: Ek was ontsteld, Lalien! Jy self was... wel...

LALIEN: Dis reg Gert, My kop het heeltemal deurmekaargeloo! Ek het begin wonder.... As Joyce so iets kon dink... Hoe kon ek weet waaraan my man regtig dood is?

DR. GERT (STOMGESLAAN): Wat bedoel jy? Dit was 'n hartaanval! Ek weet dit, jy weet dit, Bantjies, Swannie, die hele dorp weet dit! Wat gaan met jou aan, Lalien?

LALIEN: Gert... Die begrafnis ... so gou... Sy lyk die hele tyd op die plaas? Niemand wat die kis oopgemaak het om te groet nie?

DR. GERT: Lalien, wag nou! Jy is nou besig om heeltemal spoke op te jaag. Kan jy nie sien dat Joyce nou reeds slaag met dit wat sy wou begin nie? Twyfel tussen ons! Jy gaan dit nie toelaat nie, Lalien! Ons geluk is van meer belang.

LALIEN: Maar... Ek in Mozambiek? Jy't geweet.

DR. GERT: Lalien! Ek sou na jou toe kom die hele naweek in Mosambiek! Dit was ons plan! Leon het my omtrent gedwing plaas toe! Ek kon nie nee sê sonder dat hy dalk snuf in die neus gekry het nie!

LALIEN: Hendrik onopspoorbaar vir die begrafnis?

DR. GERT (TROETELEND): Lalien... Lalien... Kom nou. Jy is deur 'n traumatiese tyd. Leon oorlede... Die testament se skokke, die spanning oor die troue... Dis maar al. Ek is nou hier... By jou. (HY DRUK HAAR) Daar's hy. Dis beter.

LALIEN (GEKALMEER): Ek is jammer Gert. Ek weet dis verkeerd van my... maar ek het net begin wonder of...

DR. GERT (KALM): Ek jou man nie dalk... vermoor het nie? Kyk my in die oë, Lalien. Ek beloof jou dat ek nie jou man... vermoor het nie. Glo jy my?

LALIEN: Ja..

JOYCE (SE STEM OP INTERKOM): Dokter Inspekteur Bantjies is hier om u te sien. Hy sê dis dringend

DR. GERT: Jammer ek sal dit moet antwoord. Dis dalk 'n pasiënt... (OP INTERKOM) Inspekteur Bantjies. Kom deur asb.

LALIEN: Wat wil hy nou weer hê?

DR. GERT (IETWAT BEWERIG): Ek weet nie.

LALIEN: Ek gaan maar?

DR. GERT: Ek hoop nie Joyce het weer iets onbehoorliks aangevang nie! Ek hoop regtig nie so nie!

LALIEN: Sy gluur my net aan. Sy skuld ons almal 'n verskoning! In die openbaar

DR. GERT: Kom in Inspekteur

(INSPEKTEUR BANTJIE IN JOYCE OOK BY)

BANTJIES: Dankie vir u tyd, dokter. Ek is bly Mevrouw is ook hier. En Joyce ook. (JOYCE SNUIF HARTSEER) Ek het haar die versekering gegee dat alles in orde is... maar ek wil haar tog hier hê vir nog so rukkies. U sal netnou verstaan hoekom.

LALIEN: Ek weet regtig nie hoekom ek hier moet wees nie! Na al die skade wat daardie Joyce aan ...

BANTJIES: Asseblief mev. Rossouw. Asseblief. Joyce het niks hiermee te doen nie.

DR. GERT: Nou wat is die probleem nou weer, Inspekteur?

BANTJIES: Ag dokter. Die hele saak het nou 'n lelike draai gemaak. Soos julle almal weet het Mej. de Lange hier erken dat sy die briewe met die valse bewerings teen Mev. Rossouw geskryf en gepos het.

LALIEN: Die vermetelheid!

JOYCE (HUILERIG): Ek is regtig jammer mevrou Rossouw...

BANTJIES: Ek het haar verklaring oor die saak ook hier mev. Rossouw. En almal weet u is onskuldig in die saak. Ek meen u was in Mozambiek en u alibi is waterdig. Ek kon die saak dus afsluit sonder enige probleme.

DR. GERT (IETWAT ONGEDULDIG): Nou wat is dan nou jou probleem, Inspekteur?

BANTJIES: Ai Dokter... Iemand iewers moet 'n lelike mes inhê vir u of mev Rossouw... Of dalk julle albei. Dit lyk my niemand wil julle die geluk gun wat julle verdien nie. Ek vermoed iemand wil 'n stokkie voor julle huwelik steek...

LALIEN: Joyce! As jy weer met jou streke begin, vat ek jou hof toe vir naamskending!

JOYCE: Dit was nie ek nie ek sweer!

BANTJIES: Dis juis die probleem, mense. Daar is weer 'n brief met bewerings geskryf en die keer was dit onteenseglik nie mev. Jouce de Lange hier nie.

DR. GERT (GESPANNE): Wat bedoel jy?

BANTJIES (HAAL PAPIERE UIT): Ek kry die amptelike lêer vanoggend van Moord en Roof in hoofkantoor, Johannesburg. Hierin kry ek amptelik opdrag om die saak tot op die been oop te vlek

DR. GERT: Watter saak?

BANTJIES: Iemand het 'n brief aan Moord en Roof geskryf waarin beweer word dat Mnr. Rossouw nie aan natuurlike oorsake oorlede nie, maar vermoor is.

LALIEN: Wat?

DR. GERT: Dis tog onmoontlik! Absolute snert!

BANTJIES: Ek weet ek weet! Dis die dat ek maar vir Swannie ook gebel het om te kom. Dis maar goed dat mens 'n prokureur by het as mens die soort van dinge ondersoek. Hy kom.

DR. GERT: Maar is dit nou wragtag nodig?

BANTJIES: Miskien wel. Jy sien Dokter... Die aantying is gemaak en dit gaan verder. Die bewering word gemaak dat ... u, Dr. Rautenbach geïmpliseer word.

(ALGEMENE CHAOS AS ALMAL DEURMEKAAR PRAAT)

DR. GERT: Onsin! Ek sal dit nie aanvaar nie!

JOYCE (IN TRANE): Nie my dokter nie. Nee! Hy sou nie! Nie my dokter nie!

LALIEN: Gert wat gaan hier aan? Is dit so?

BANTJIES: Asseblief mense! Kalmeer! Hokaai nou! Kan ons asseblief net almal kalm. Dis nie so erg nie!

(ALMAL KALMEER)

BANTJIES: Ons sal die saak oplos, mense. Bly net kalm! Ek wil die saak nog voor die troue afhandel. Hierdie besigheid begin nou net op almal se senuwees werk.

DR. GERT: Wat stel u voor, Inspekteur?

BANTJIES: Wel ek stel eintlik niks voor nie. Die voorstel... eerder opdrag wat ek gekry het van hoofkantoor is dat ons die saak vir eens en altyd moet opklaar.

LALIEN: Dis bleddie hoog tyd!

BANTJIES: Sê ek ook! Hoofkantoor stuur more 'n Staatspatoloog deur en ons sal ongelukkig 'n opgrawing moet doen sodat die Staatspatoloog kan bevestiging dat Mnr. Rossouw inderdaad aan natuurlike oorsake oorlede is en dat geen gemene spel plaasgevind het nie.

(DOODSE STILTE)

LALIEN (OOK TRANERIG): Dis verskriklik! 'n Opgrawing van my arme man...

JOYCE (VERLIG): Dis goed... Dan sal hulle vir eens en vir altyd weet dat my dokter onskuldig is en "n goeie mens is.

BANTJIES: Ja! Ek as iemand nou nog wil verdere nonsense praat en skinderstories opmaak dan weet ons mos nou sommer ook Mr. Rossouw se lyk is sy eie lyk en klaar! Ek is nou gatvol vir die saak!

DR. GERT: Ek vind die hele ophef totaal en al onnodig! U het tog my amptelike doodsertifikaat?

BANTJIES: Ek verstaan dokter. Ek sê vir die Vrou ;" Kyk net waarmee moet my manne hulle nou staan en besig hou! Dis so onnodig!" Maar die Vrou sê: "Kry dit net klaar en agter die rug, my ou man". So kom ons kry dit klaar en julle ontspan en maak die troueëlings klaar.

DR. GERT: Hoe... laat verwag jy die patoloog?

BANTJIES: More agtuur sal hulle hier wees. Ek weet dis onaangenaam, dokter, maar ek sal bly wees as jy kan saamgaan. U ken tog die plaas en die plek waar die graf is. Die nuwe eienaar het toestemming gegee en hy sal ons by die hek kry.

LALIEN: Ek glo nie wat besig is om te gebeur nie! My arme man se lyk word nie eers gerespekteer nie!

BANTJIES: Ek is baie jammer vir die hele onaangenaamheid mevrou, maar dis wat Hoofkantoor vereis. Is daar nog vrae mense? (STILTE) Nou maar goed, dan kan ons verdaag.

DR. GERT: Ek dink jy moet maar ry, Lalien. Inspekteur Bantjies ek wil u net 'n paar vroeë vrae oor die prosedure more.

LALIEN: Is jy seker? Ek is so ontsteld... Ek het jou nodig Gert.

DR. GERT: Ek begryp dit, ek kom so gou ek kan.

LALIEN Sien jou later... (UIT)

JOYCE: Kan ek maar gaan?

DR. GERT: Ja dankie, Joyce... Gaan jy maar huistoe. Dit is 'n slegte dag. Ek sal sluit

JOYCE: Dankie dokter (UIT)

DR. GERT: Ek is jammer dat ek jou tyd langer moet mors, Inspekteur...

BANTJIES: Nee, nee... gerus.

DR. GERT: Ek besef die hele penarie is vir jou ook ongemaklik, Inspekteur.

BANTJIES: Alles so dêkesels onnodig, dokter. Maar dis nou maar die lewe van 'n man in Mag. Nes jy dink jy maak die boek toe, dan spring daar weer een of ander vismot tussen die blaie uit.

DR. GERT: Ek wou maar net hoor of julle enige idee het wie die brief kon skryf?

BANTJIES: Nie 'n idee nie. Hoofkantoor weet ook nie.

DR. GERT: Vanwaar is dit gepos? Dalk in Pretoria?

BANTJIES: Pretoria? Hoekom vra jy? Het jy 'n vermoede wie dit kan wees?

DR. GERT: Ek gaan eerlik met jou wees Inspekteur. Ek dink ek weet ja.

BANTJIES: Dit sal 'n groot hulp wees! As ons die persoon kan opspoor voor more hoef ons nie deur die onaangename "rigmarole" more op die plaas te gaan nie. Ek haat dit as 'n lyk so lank gelê het!

DR. GERT: Hopelik is die opgraving nie nodig nie.

BANTJIES: Ek carck elke keer as daai deksel so afgehaal word! Wat wou jy sê, dokter?

DR. GERT: U sien, Inspekteur... 'n Paar jaar gelede... Eintlik van my studentejare af was daar 'n meisie... Ricky. Ricky Stander. Sy't later 'n mediese verteenwoordiger geword by Zanthia Pharmaceutical Suppliers in Pretoria . Ek sal haar kan opspoor. Sy bly heel moontlik nog daar en kon die brief daar pos.

BANTJIES: Ou liefde wat suur geword het?

DR. GERT: Wel... Kom ons sê maar dinge het 'n bietjie versuur tussen ons. Ek het haar 'n meer as jaar laas gesien.

BANTJIES: Ek sien.

DR. GERT: Ja, sy het hiernatoe gekom as verteenwoordiger van die maatskappy om... medisyne te smous, maar ek dink sy het meer in die ontmoetings gesien as wat ek kon voorsien.

BANTJIES: En toe raak sy suur?

DR. GERT: Wel.. ek het nie meer by haar maatskappy voorraad gekoop nie en... wel sy het later net nie meer die moeite gedoen om te probeer voorraad aan my af te smeer nie. Ek weet nie eers of sy dieselfde maatskappy werk nie.

BANTJIES: Bietjie van 'n loskop soos my wyse ou Vrou sou sê?

DR. GERT: Seker. Ek dink sy het iets teen my. Ek dink ons moet eers die Staatspatoloog 'n bietjie terughou totdat Inspekteur hierdie leidraad opgevolg het en ons haar kon opspoor. Hopelik Kry ons 'n soortgelyke bekentenis uit haar as uit Joyce, my ontvangsdame.

BANTJIES: Klink na 'n goeie plan, dokter. Maar soos die vrou sou sê: "Die enigste ding aan die haas wat hier voor my sit wat skort is sy twee lang ore".

DR. GERT: Ekskuus?

BANTJIES (LAG LEKKER): Nee dis maar die Vrou se manier van praat! As 'n ding nie vir haar lekker uitwerk nie. Verbeel jou! "Die enigste ding aan die haas wat hier voor my sit wat skort is twee lang ore" Nogal snaaks nê!

DR. GERT (VIND DIT UITERAARD NIE SNAAKS NIE): Seker...

BANTJIES (SKIELIK VERTROULIK): Nee jy sien, dokter. Ek dink die Vrou is reg. Die "lang ore " wat hier skort is dat hierdie brief kort duskant die Mozambiekgrens in Richardsbaai gepos is. Ken jy dalk iemand daar?

DR. GERT (ONSTELD): Nee. Ek nie 'n idee nie.

BANTJIES: So die Ricky Stander moontlikheid lyk vir my na 'n dooie perd. Hoofkantoor gaan nie daarvoor val nie. Hulle wil die saak nou klaarmaak en dokter...

MOTOR STOP BUIITE

BANTJIES: Ah... hier's prok Swannie nou. Om nou eerlik te wees, dokter, as ek hierdie saak ordentlik kan toemaak staan ek ook dalk weer 'n slaggie in die ry vir bevordering. Daai erfgeld van my by meneer Rossouw het nou net weer my ou Vrou se lyf lus gemaak vir die 'high life'

DR. GERT: Ek sien...

BANTJIES: So ek dink ons grawe maar op en klaar. Die patoloog skryf sy verslag en ons maak daai boek toe! Of hoe sê jy, dokter?

DR. GERT (STIL GESKRIK): Inspekteur...

BANTJIES: Ja?

DR. GERT: Ek dink... Ek moet my prokureur bel...

BANTJIES (GOEDIGLIK): Ag, hy sal daai Stander poppie nie voor more kan opspoor nie, Dokter.

DR. GERT: U verstaan nie, Inspekteur. Dis miskien goed dat Swannie hier is

BANTJIES (VERWARD): Nou hoe meen dokter nou?

SWANNIE (IN): Ja kêrels wat sit en ginnegaap julle?

BANTJIES: Jy wil nie maar solank... jy weet... vir ons sê waaroor dit gaan nie?

SWANNIE: Wat gaan aan Inspekteur?

BANTJIES: Ek's bly jy's hier. Kom sit.

SWANNIE (SIT): Wat's fout Dok?

DR. GERT: Ek... wil jou graag hier hê, Swannie. As getuie. Ek wil 'n verklaring maak

BANTJIES (STOMGESLAAN): 'n Verklaring?

DR. GERT (KALM): Ja. 'n Verklaring. Skakel asb daardie bandmasjien van jou aan, Inspekteur.

SWANNIE (BEKOMMERD): Is jy seker, Dokter? Wil jy nie eers met my konsulteer nie?

DR. GERT: Nee Swannie. Die tyd vir speletjies is verby.

BANTJIES (BANDMASJIEN AAN): Goed die band loop, dokter. Wat het jy op die hart?

DR. GERT: Die staatpatoloog kom more omLeon se kis op te grawe

SWANNIE: Goeie donner! Waarvoor?

DR. GERT: Laat ek verduidelik. Dit het begin op.. die aand wat Leon my uitgenooi het plaas toe. Ek kon nie verstaan waarom Leon so aangedring het dat ek moes saamgaan nie. Ek sou... daardie naweek by Lalien gaan kuier het in Mosambiek. Ons het toe reeds lankal 'n ... verhouding gehad.

SWANNIE: Wragtag?

BANTJIES: Jy weet dok, die aand toe Mnr Rossouw my gebel het toe hy so bekommerd was oor haar en ek sien jy laai haar by die huis af, toe sê ek die die Vrou: Vrou, hier iewers spring die bok deur die draad.

SWANNIE: Asb, Inspekteur, U val my kliënt in die rede...

BANTJIES: Natuurlik, meneer! Ekskuus, Dokter. Gaan aan.

DR. GERT: Leon wou my saamneem om 'n onwettige Zimbabwier, wat op die plaas siek geword het, te gaan ondersoek. Die man was reeds dood toe ons daar aankom. Mnr. Rossouw... het my gevra om 'n vals doodsertifikaat uit te skryf dat die werker 'n Suid Afrikaanse burger was... Onbekende S.A Burger.

BANTJIES: Ek weet van die Zimbawe besigheid. Toe doen jy dit?

DR. GERT: Ja. Ek het die... vals sertifikaat uitgeskryf.

BANTJIES: Ai dokter jou goedheid het jou nou wragties innie sop!

SWANNIE: Hoekom het jy dit gedoen, Gert? Dis to teen jou hele jy?

DR. GERT: Leon het 'n houvas op my gehad. Ek... het hom geld geskuld en... hy't geweet van my en Lalien.

BANTJIES: "Gatslag" soos die vrou sou sê.

DR. GERT: Maar dis nie al nie. Leon het groot finansiële probleme ook gehad. Hy wou verdwyn... Doodgaan... Sodat sy lewenspolisse kon uitbetaal.

BANTJIES: O Jirretjie tog! Moenie vir my sê, jy het die man geskiet nie, Dokter!

DR. GERT: Nee, Ek het nie. Ek sweer ek het nie.

BANTJIES: Maar die lyk was in die kis!

DR,GERT: Dit was die lyk van die Zimbabwiër, Inspekteur. Die opgraving sal dit more bevestig.

BANTJIES: So die hele spul was 'n liegspul!

DR. GERT: Ja

BANTJIES: Wat het van Mnr. Rossouw geword? Is hy toe dood aan die hartaanval?

Dr. GERT: Nee, Inspekteur.

BANTJIES: Maar jy dan so op die doodsertifikaat geskryf? Jy vir my gelig, jou kliek kak! Waar's die man?

SWANNIE: Jou taal Inspekteur!

BANTJIES: Sorry dokter...

DR. GERT: Leon het oor die grens gevlug na sy broer in Botswana toe. Sy broer Hendrik sou vir hom sorg.

SWANNIE: Die lig begin vir my opgaan, Inspekteur. Ek dink ek verstaan nou die bepalings van ons 'oorlede Leon Rossouw' se vreemde testament. Die dat sy broer feitlik als geërf het. Lewe nou seker soos 'n koning saam met sy geliefde tweelingbroer in die boendes van Botswana.

DR. GERT: Ek moes vir hom die doodsertifikaat uitgeskryf. Hy sou my aangee oor die uitskryf van 'n vals doodsertifikaat vir die Zimbabwiër. Hy sou my loopbaan en my lewe verwoes. Die grootste fout van my lewe... Twee stukkie papier. Doodsertifikate. Dit sou my einde ook beteken

BANTJIES (SIMPATIEK): Sjoe, sjoe sjoe! Maar een ding wat ek nie kan verstaan nie? As hy veilig by sy tweelingbroer in Botswana kan leef, wie weet hiervan en wie het die brief geskryf? Waarom nou weer die hele saak kom oopkrap?

DR. GERT: Ek weet nie, maar al wat ek weet is dat ek dank Vader bly is die las is van my skouers af. As ek moet boet, dan sal ek boet. Ek sal dit soos 'n man vat.

SWANNIE: Kyk, ek het geweet ou Leon was maar 'n blikseme en 'n skelm jakkals, maar ek sou nooit kon raai hy was so uitgeslae nie.

BANTJIES: As ek nou moet dink soos die Vrou sou dink, dan wonder ek of dit nie Leon self is wat hierdie laaste brief geskryf het nie.

DR. GERT: Wat? Hoekom sou hy dit doen?

SWANNIE: Ek stem. Waarvoor so hy so 'n onnosele ding wou doen?

BANTJIES: Wraak, dink ek. Ek dink hy slaan die laaste spyker in Mev. Rossouw en Dr. Gert hier se gelukskis. Dr. Gert sou nie kon praat nie en hy gaan nie skotvry hiervan afkom met daai Zimbabwe lyk in die kis nie. En die troue...? Ek weet nie. As meneer Leon Rossouw regtig nog leef is mevrou Rossouw nog amptelik 'n getroude vrou, dan nie?

SWANNIE: Jy's reg Inspekteur.

DR. GERT: Lalien sal my in elk geval nooit weer vertrou nie. As dit Leon se doel was dan het hy bereik wat hy wou. As jy my in hegtenis wil neem, Inspekteur sal ek dit verstaan.

BANTJIES: Ek sal seker moet, dokter. Tot tyd en wyl alles opgelos is.

SWANNIE: Dis nie nodig nie, Inspekteur. Ek sal sorg dat die borgaansoek vinnig inkom en dit betaal. Ons ken vir Dr. Rautenbach. Hy't alles eerlik en openlik vertel. Daar's nie 'n manier wat hy sal probeer wegkom nie.

BANTJIES: Natuurlik. Ek dink net ons sal darem 'n volledige skriftelike verklaring van al die gebeure van die begin af moet opstel, Dokter. Soms vergeet mens 'n klein stukkie detail en dan val die hele verdedigingssaak plat. Mens moet jou versagting goed voorberei!

DR. GERT: Natuurlik.

SWANNIE : So ou geldgierige jakkals! Maar dis nou van 'n identiese tweeling, Inspekteur. Hulle staan altyd saam!

BANTJIES: Ja dit lyk my, my volgende trippie buiteland toe is om hulle te gaan soek en hom op te spoor. Sal ook maar bleddie moeilik wees om die regte een te kry! Identical twins – verbeel jou! Dan sien hulle die een broer hier en dan weer die ander een daar. So tweeling sal 'n mens lekker van Meerkatspan na Moerlandspan toe laat rondsoek.

DR. GERT (SKIELIK BAIE DRINGEND): Inspekteur! Ek weet nie of ek nou heeltemal van my trollie af is nie?

BANTJIES: Hoe bedoel jy, dokter.

DR. GERT: Daardie nag... Toe Leon oor die grens is... Hy sou sewe kilometer deur die bosse loop tussen al daardie wilde diere deur tot by die grootpad. Met 'n GPS. Daar sou hy 'n taxi tot in die eerste dorp en sy broer bel om hom te kom kry.

BANTJIES: Ja?

DR. GERT: Hoekom kon sy broer hom nie langs die grootpad kom optel nie? Hy het sy selfoon en 'n GPS by hom gehad? Hy kon hom bel? Waarom die kans met 'n taxi vat? In die nag?

SWANNIE : Ja wraggies! Hoekom hom nie sommer net oor die grens oplaai nie? Leon kon dit tog vooraf gereël het? Ek meen hy het alles so haarfyn beplan!

BANTJIES: Ons spekulêr nou so lekker? Hoekom nie sommer dink hy't vir ou Leon net oorkant die rivier opgelaai nie! As ek nou soos die Vrou sou dink sou sy seker vir my gesê het: "Bantjies! Daai Leon Rossouw is so skelm en geldgierig hy sou sommer sy broer net daar by die bakkie vermoor het, sy lyk net daar in die bosse gelos het en sy tweelingbroer se ID gevat het en lekker onder sy broer se naam alleen met al daai geld in Botswana loop kerjakkert het".

SWANNIE (LAG LEKKER): Dis darem 'n verbeelding wat daai vrou van jou aan haar het, Inspekteur! Verbeel jou! Dalk sit ou Leon kêrel lekker op sy vermoorde broer se plaas in die Kongo met al daai geld. Dis darem te – te!

DR. GERT (BAIE ERNSTIG): Inspekteur... Jou vrou kan reg wees. Dalk het sy broer hom net oorkant die rivier opgelaai. Dalk...? Ek dink jy moet gaan soek. Dalk kry jy net een van die Rossouw broers.

BANTJIES (OOK ERNSTIG): Hoe bedoel dokter nou? Sy broer vermoor? Dit kan tog nie wees nie?

DR. GERT: Soos jy netnou gesê het, Inspekteur. Soms vergeet mens 'n klein stukkie detail en dan...

BANTJIES: Wat wil jy sê dokter? Is daar iets wat jy...?

DR. GERT (RIL): Daardie nag op die plaas..... Dalk was sy Broer Hendrik daai dag op die plaas.

SWANNIE: Gert? Is jy seker?

BANTJIES: Hoekom dink jy so, Dokter?

DR. GERT: Dis ingebrand in my geheue. Ek sal daardie aand nooit vergeet nie! Dit was die nag van die hiena...

(LIGTE DOOF STADIG EN KRIEKE BEGIN)

TONEEL 22

(HERINNERINGSTONEEL. WEER DAARDIE NAG OP DIE PLAAS MET LEON EN DR. GERT OP HUL KAMPSTOELE. KRIEKE EN LIG STADIG OP DIE TWEE. 'N UIL ROEP ÊRENS)

LEON: Nonnetjie...

DR. GERT: Ekskuus?

LEON: Nonnetjie! Ek sê Nonnetjies uil...

DR. GERT: O...

LEON (SING HEEL VROLIK): My Stellenbosse Nonnatjie die roep my! Sy roep my en ek moet gaan...

DR. GERT: Dis half aardig... Die nonnetjiesuil.

LEON: Ja... Hoe sê die ou mense? Dis of hulle die dinge aanvoel, nê. Ek meen my aanvoeling was darem ook wraggies innie kol. Daar lê die ou man van Zim toe. Morsdood...

DR. GERT: Dis miskien maar goed dat jy die kis gebring het...

LEON: Ja... Ek sal laat die werkers Maandag die gat grawe en dan spit ons hom in...

DR. GERT: Die arme man... Om so op jou eie te lê en doodgaan.

LEON: Ja... Dankie vir die sertifikaat, Dokkie.

DR. GERT: Sy arme mense in Zim sal nooit weet waar hy begrawe lê nie.

LEON: Jy's te sentimenteel, Dokkie. Heeltemal te sentimenteel...

(IEWERS VÊR KLINK DIT OF 'N HIËNA 'N PAAR JAKKALSE VAN 'N KARKAS WEGBAKLEI)

DR. GERT: Wat sou daar aangaan?

LEON: Hiëna... ... Klink my soos 'n ou alleenloper hiëna wat baklei met die jakkalse oor 'n karkas of 'n ding.

DR. GERT: Dit klink aardig!

LEON: Ja. Gelukkig het hulle nie op ons man van Zim afgekom voor ons hom kon kis nie.

DR. GERT: Hulle vreet darem seker nie mens ook nie?

LEON: Enige ding Dokter. Enige ding! Kyk dis nou een ding van 'n hiëna se kind... Hy kan 'n veld skoonmaak, ou Dokkie. Kyk as hy wegghol dan hang alles aan hom, maar ruik daai hiëna 'n dooi ding om aan te vreet dan hol hy nader dat alles aan hom orent staan! Waar hy verby is sien jy omtrent nie eers 'n beentjie of 'n bloedkol nie... Daai veld is skoonveld! Nie 'n merk dat daar ooit iets daar in die veld gelê het nie. Dis nou die mooi... van 'n hiëna!

(IEWERS NABY TJANK DIE HIIËNA SOOS 'N MENS WAT LAG)

LIGTE SE FINALE DOOF EN EINDE